

M.T. - 6  
AF.



RGN  
HSRC

***sosiale status en die verband  
daarvan met vryetydsaktiwiteite,  
houdings en aspirasies van  
afrikaanssprekende  
standerd ses-seuns***

***raad vir geesteswetenskaplike navorsing***

001.3072068 HSRC  
MT 5

# RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak 41, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon: 28831

Telegramme: RAGEN

President: Dr. P. M. Robbertse

Vise-presidente: Dr. A. J. van Rooy en dr. J. D. Venter

Sekretaris: Mej. K. M. Henshall

## Institute van die RGN

Geskiedenisnavorsing  
Inligting en Spesiale Dienste  
Kommunikasienavorsing  
Mannekragnavorsing  
Navorsingsontwikkeling  
Opvoedkundige Navorsing  
Psigometriese Navorsing  
Sosiologiese Navorsing  
Statistiese Navorsing  
Taal, Lettere en Kuns  
Administrasie

## BIBLIOTEK LIBRARY

### RGN

RAAD VIR  
GEESTESWETENSKAPLIKE  
NAVORSING

### HSRC

HUMAN  
SCIENCES RESEARCH  
COUNCIL



RGN-HSRC

## Funksie van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING



RGN-BIBLIOTEEK

HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

SOSIALE STATI

SAKTIWITEITE,  
ANSSPREKENDE  
ERD SES-SEUNS

1985 -05- 30

1985 -10- 31

1986 -02- 28

1987

30 SEP 1991

STRIJDOM, M.A.

INSTITUUT VIR MANNEKRAAGNAVORSING

DIREKTEUR: W. VERHOEF

0000445999



PRETORIA

1971

2844363866



Verslag nr. MT-6

Obtainable in English

Kopiereg voorbehou

001.3072068 HSRC MT 6



\* 0 4 4 5 9 9 \*

ISBN O 86965 016 5  
(English Edition ISBN Q 86965 017 3)

## VOORWOORD

Een van die hoofdoelstellings met Projek Talentopname is om faktore en omstandighede wat die ontwikkeling van hoërskoolleerlinge beïnvloed, te identifiseer. Hierdie doelstelling impliseer onder andere dat die onderlinge verband tussen 'n verskeidenheid van sodanige faktore en omstandighede nagegaan sal word. Die faktore en omstandighede wat in hierdie verslag ter sprake kom, is sosiale status (of sosio-ekonomiese status) en sekere houdings, vryetyds-aktiwiteite en aspirasies.

In baie opsigte is die ondersoek waaroor in hierdie verslag gerapporteer word, 'n inleidende studie aangesien net een huistaal-, geslag- en standerd-groep in die ondersoek betrek is. Vanweë die besondere groot en verteenwoordigende groep leerlinge, naamlik 13 999 Afrikaanssprekende seuns in standerd ses, egter, word die bevindings as 'n belangrike bydrae tot die bestaande kennis oor die verband tussen bogenoemde faktore beskou. Verdere navorsing word ten opsigte van ander huistaal-, geslag- en standerdgroepe onderneem waarna dit moontlik sal wees om afleidings en gevolgtrekkings ten opsigte van hoërskoolleerlinge in die algemeen te maak.

Hierdie verslag het gelei tot 'n verhandeling vir die M.A.-graad in Sosiologie wat die skrywer met lof aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf het.

*P. van der Linde*  
PRESIDENT

DOU		BIBLIOTEK	HSRC
		LIBRARY	
1983 -09-09			
STANWINKODE	REGISTERNUMMER		
001.3072068	001245		
HSRC MT6			
BESTELNUMMER			
G			



## ERKENNING

Die gegewens wat in die navorsing waaroor hierdie verslag handel, gebruik is, is deur middel van Projek Talentopname verkry. Talentopname is 'n langtermynnavorsingsprojek wat in 1965 'n aanvang geneem het met die hoofdoel om te bepaal wat die land se mannekragspotensiaal is en om gegewens beskikbaar te stel wat sal help om hierdie potensiaal tot die maksimum te laat ontwikkel. Die projek is met die samewerking van al die onderwysdepartemente van die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika asook die verenigings van kerks- en privaatskole onderneem.

Die persone wat die breë beplanning tussen 1959 en 1964 opgestel het en die nodige oortuigingswerk gedoen het om Talentopname tot stand te bring, is dr. P.M. Robbertse, tans President van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), prof. dr. H.P. Langenhoven, tans verbonde aan UOVS en dr. A.B. Fourie, tans Direkteur van die Instituut vir Navorsingsontwikkeling van die RGN. Talentopname word uitgevoer onder leiding van mnr. W. Verhoef, Direkteur, Instituut vir Mannekragnavorsing en dr. W.L. Roos, Hoofnavorsingsbeampte, Instituut vir Mannekragnavorsing. Die toetse en persoonlikheids- en belangstellingsvraelyste wat gebruik is, is opgestel deur die Instituut vir Psigometriese Navorsing waarvan dr. J.H. Robbertse die Direkteur is. Persone, behalwe bogenoemdes, wat ook ten nouste met Talentopname gemoeid is, is die volgende:

- (i) Personeellede
  - (a) Dr. J.D. Venter, Vice-president van die RGN
  - (b) Talentopnamekomitee
    - Dr. A.J. van Rooy, Vice-president van die RGN
    - Mnr. J.B. Haasbroek, Direkteur, Instituut vir Opvoedkundige Navorsing
    - Dr. F.A. Fouché, HNB, Instituut vir Psigometriese Navorsing
  - (c) Instituut vir Mannekragnavorsing
    - Mnr. U.J. van der Walt, HNB
    - Mnr. F.B. Smith, SNB
    - Mnr. G.F. Starker, SNB
  - (d) Instituut vir Statistiese Navorsing
    - Mnr. A.R. van den Berg, HNB
- (ii) Advieskomitee vir Talentopname (uitgesonderd personeellede)
  - Dr. N.J. Heyns, Kaaplandse Onderwysdepartement
  - Dr. J.C. Groenewald en mnr. H.J. van der Merwe, Transvaalse Onderwysdepartement
  - Dr. A.C. Böhmer, Onderwysdepartement van die OVS
  - Dr. H.A. Coetzee, Natalse Onderwysdepartement
  - Dr. C.H. de C. Murray, Departement van Nasionale Opvoeding
  - Mnr. R.G. Post, Onderwysdepartement van SWA
  - Brother Smith, Vereniging van Kerkskole (tans mev. T.A. Nixon)
  - Mnr. A.R.A. Murray, Vereniging van Privaatskole
  - Prof. G.J. Jordaan, Nasionale Onderwysraad (tans mnr. P.W. du Plooy)

Daarby word met dank verwys na die meer as 1 000 persone, meesal onderwysers, wat by skole as toetsafnemers, organiseerders of toesighouers opgetree het en personeellede van die sielkundige en voorligtingsdienste van al die onderwysdepartemente wat toetsafnemers opgelei het en belangrike skakels in die groot organisasie van die toetsprogramme was. Die sukses van Talentopname word ook aan die heelhartige samewerking van die ongeveer 85 000 leerlinge wat betrokke is, toegeskryf. Laastens word met dank van die Departement van Nasionale Opvoeding melding gemaak wat 'n IBM 1230-optiese leser asook hul IBM 360-rekenaar beskikbaar gestel het.



## INHOUD

BLADSY

1	INLEIDING	1
1.1	Doel met Talentopname	1
1.2	Doel met die ondersoek	1
1.3	Insameling van gegewens	2
1.4	Betroubaarheid van die gegewens	2
1.5	Die ondersoekgroep	2
1.6	Hipotese	3
1.7	Metode	3
1.8	Begripsbepaling	3
1.9	Aanbieding van die gegewens	3
1.10	Algemene kenmerke van die ondersoekgroep	4
1.10.1	Ouderdom	4
1.10.2	Soort skool wat die ondersoekgroep bywoon volgens die geslag van die leerlinge	4
1.10.3	Die provinsie waarin die ondersoekgroep op skool is	4
1.10.4	Die soort skool wat die ondersoekgroep bywoon volgens die aard van opleiding	5
1.10.5	Die soort skool wat die ondersoekgroep bywoon volgens die ligging daarvan	5
2	SOSIALE STATUS, SOSIALE KLAS EN SOSIALE STRATIFIKASIE	7
2.1	Inleiding	7
2.2	Begripsbepaling	7
2.3	Die antikwiteit van sosiale stratifikasie	9
2.4	Die universaliteit van sosiale stratifikasie	9
2.4.1	Die stratifikasiepatroon in Indië	10
2.4.2	Die stratifikasiepatroon in die VSA	11
2.4.3	Die stratifikasiepatroon in Rusland	11
2.4.4	Die stratifikasiepatroon in Suid-Afrika	11
2.5	Die getal en grootte van sosiale klasse	12
2.6	Die lewensgeleenthede van verskillende sosiale klasse	13
2.6.1	Sosiale klas en geestesafwykings	13
2.6.2	Sosiale klas en egskeiding	13
2.6.3	Sosiale klas en onderwys	14
2.7	Die lewenstyl van verskillende sosiale klasse	14
2.7.1	Sosiale klas en lidmaatskap van vrywillige organisasies	14
2.7.2	Sosiale klas en vryetydsaktiwiteite	15
3	INDIKATORE EN INDEKSE VAN SOSIALE STATUS	16
3.1	Inleiding	16
3.2	Basisse van sosiale evaluasie	16
3.2.1	Primêre basisse	16
3.2.2	Sekondêre basisse	17
3.3	Indikatore van sosiale status	18
3.3.1	Verbale evaluasies	18
3.3.2	Patrone van assosiasie	19
3.3.3	Aktiwiteite en besittings simbolies van sosiale status	20
3.4	Indekse van sosiale status	20
3.4.1	Enkelitemindekse	20
3.4.2	Veelvoudindekse	22
4	DIE ONTWIKKELING VAN 'N INDEKS VAN SOSIALE STATUS	24
4.1	Inleiding	24
4.2	Ontwikkeling van die indeks	24

5	SEKERE VRYETYDSAKTIWITEITE VAN DIE ONDERSOEKSGROEP	31
5.1	Inleiding	31
5.2	Deelname aan buitemuurse aktiwiteite deur die skool aangebied	31
5.3	Ontvangs van naskoolse lesse	32
5.4	Beoefening van stokperdjies	33
5.5	Vryetydsaktiwiteit waarvan respondent die meeste hou	36
5.6	Soort leesstof wat verkies word	37
6	SEKERE HOUDINGS VAN DIE ONDERSOEKSGROEP	39
6.1	Inleiding	39
6.2	Houding teenoor geleerdheid	39
6.3	Houding teenoor skoolgaan	40
6.4	Houding teenoor huiswerk	40
6.5	Houding teenoor dissipline in die skool	41
6.6	Houding teenoor sport	41
7	SEKERE ASPIRASIES VAN DIE ONDERSOEKSGROEP	43
7.1	Inleiding	43
7.2	Onderwysaspirasies van die respondente	43
7.3	Beroepsaspirasies van die respondente	44
8	SLOT	47
8.1	Inleiding	47
8.2	Houdbaarheid van die hipotese	47
8.3	'n Moontlike verklaring vir die bevindings	47
8.4	Verdere beoogde navorsing	52
8.5	Samevatting	52
	VERWYSINGS	54

TABELLE

TABEL		BLADSY
1.1	DIE OUDERDOMSVERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP	4
1.2	DIE SOORT SKOOL WAT DIE ONDERSOEKGROEP BYWOON VOLGENS DIE GESLAG VAN DIE LEERLINGE	4
1.3	DIE PROVINSIE WAARIN DIE ONDERSOEKGROEP OP SKOOL IS	5
1.4	DIE SOORT SKOOL WAT DIE ONDERSOEKGROEP BYWOON VOLGENS DIE AARD VAN OPLEIDING	5
1.5	DIE SOORT SKOOL WAT DIE ONDERSOEKGROEP BYWOON VOLGENS DIE LIGGING DAARVAN	5
4.1	KUMULATIEWE ONDERWYSPEILPUNT VIR BLANKE EKONOMIES BEDRYWIGE MANS IN DIE REPUBLIEK, 1960	25
4.2	KUMULATIEWE INKOMSTEPUNT VIR BLANKE EKONOMIES BEDRYWIGE MANS IN DIE REPUBLIEK, 1960	26
4.3	GEMIDDELDE ONDERWYSPEILPUNT PER HOOFBEROEPSGROEP VAN BLANKE EKONOMIES BEDRYWIGE MANS IN DIE REPUBLIEK, 1960	27
4.4	GEMIDDELDE INKOMSTEPUNT PER HOOFBEROEPSGROEP VAN BLANKE EKONOMIES BEDRYWIGE MANS IN DIE REPUBLIEK, 1960	28
4.5	STATUSHIËRARGIE VAN HOOFBEROEPSGROEPE VAN BLANKE EKONOMIËS BEDRYWIGE MANS IN DIE REPUBLIEK, 1960	29
4.6	BEROEPSTATUSPUNT VIR BLANKE EKONOMIES BEDRYWIGE MANS IN DIE REPUBLIEK, 1960	30
4.7	VERDELING VAN DIE GESINNE WAARUIT DIE ONDERSOEKGROEP AFKOMSTIG IS IN SOSIALE STATUSGROEPE	30
5.1	GETAL BUITEMUURSE AKTIWITEITE DEUR DIE SKOOL AANGEBIED WAARAAN DEELGENEEM WORD VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	31
5.2	GETAL URE PER WEEK BESTEE AAN BUITEMUURSE AKTIWITEITE DEUR DIE SKOOL AANGEBIED VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	32
5.3	ONTVANGS VAN NASKOOLSE LESSE VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	32
5.4	GETAL STOKPERDJIES WAT BEOEFEN WORD VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	33
5.5	BEOEFENING VAN VERSAMELENDE STOKPERDJIES VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	33
5.6	BOU VAN MODELLE AS STOKPERDJIE VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	34
5.7	WERK MET GEREEDSKAP AS STOKPERDJIE VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	34
5.8	TUINMAAK AS STOKPERDJIE VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	35
5.9	AANHOU VAN TROETELDIERE AS STOKPERDJIE VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	35
5.10	BEOEFENING VAN FOTOGRAFIE AS STOKPERDJIE VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	36
5.11	BEOEFENING VAN KORRESPONDENSIE AS STOKPERDJIE VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	36
5.12	VRYETYDSAKTIWITEIT WAARVAN RESPONDENT DIE MEESTE HOU VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	37
5.13	SOORT LEESSTOF WAT VERKIES WORD VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	37

6.1	HOUDING TEENoor GELEERDHEID VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	39
6.2	HOUDING TEENoor SKOOLGAAN VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	40
6.3	HOUDING TEENoor HUISWERK VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	40
6.4	HOUDING TEENoor DISSIPLINE IN DIE SKOOL VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	41
6.5	HOUDING TEENoor SPORT VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	42
7.1	HOE VER RESPONDENTE WIL STUDEER VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	43
7.2	BEROEP WAT RESPONDENT EENDAG WIL BEOEFEN VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN	45

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

#### 1.1 DOEL MET TALENTOPNAME

Gedurende 1965 het die destydse Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, tans die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN, 'n omvangryke navorsingsprojek geloods. Hierdie navorsingsprojek staan bekend as Projek Talentopname en die doelstellings daarvan kan as volg uiteengesit word:

Die breë doelstelling met Talentopname is om 'n antwoord te vind op die vraag: WAT IS ONS LAND SE BLANKE MANNEKRAGPOTENSIAAL? en om gegewens beskikbaar te stel om hierdie potensiaal TOT DIE MAKSIMUM TE LAAT ONTWIKKEL.

Uit hierdie breë doelstelling volg onmiddellik twee afsonderlike doelstellings, naamlik

(i) om 'n raming van die Blanke mannekragspotensiaal van Suid-Afrika te verkry, en

(ii) die bepaling of identifisering van faktore en/of omstandighede wat die maksimale ontwikkeling van dié mannekragspotensiaal beïnvloed.

Alhoewel dit as deel van genoemde doelstellings gesien kan word, word die volgende vanweë hul besondere belang afsonderlik gemeld, naamlik

(iii) die ontwikkeling van geldige en betroubare sielkundige toetse (en ander hulpmiddels) soos benodig vir die beoogde nasionale stelsel van gedifferensieerde onderwys, en

(iv) die bestudering van begaafdheid en die identifisering van begaafdes.

Daar is reeds in die beginstadium van Talentopname voorsien dat 'n groot aantal leerlinge in omvangryke toetsprogramme betrek sou word. Dit was dus gepas om die volgende doelstelling tot die bestaande te voeg, alhoewel dit miskien nie bydra tot die breë doelstellings van die projek nie:

(v) Om die leerlinge wat aan die ondersoek deelneem, soveel voordeel as moontlik uit hul deelname te laat trek (31, bl. 2-3).

As hierdie doelstellings in gedagte gehou word, is dit dan ook geensins verbasend dat daar alreeds verklaar is dat hierdie projek in belangrikheid vir elke individu in die land en vir die staat as geheel in dieselfde kategorie as die Oranjerivierskema val nie (80):

#### 1.2 DOEL MET DIE ONDERSOEK

Met die oog op die navorsing wat vir die doeleindes van Talentopname gedoen sal word, word uitgegaan van die standpunt dat 'n groot aantal faktore en/of omstandighede van verskillende aard elk in meerdere of mindere mate die ontwikkeling van leerlinge beïnvloed. Hierdie faktore of omstandighede kan generieflikheidshalwe in drie groepe ingedeel word, naamlik: eerstens faktore wat skoolgebonde is, tweedens dié wat op die leerlinge se lewe tuis betrekking het (huislike faktore) en laastens al die ander faktore wat moeilik by een van die eerste twee kategorieë geplaas kan word. Een van die huislike faktore wat beïnvloedend op die ontwikkeling van leerlinge kan inwerk, is die sosiale status van die gesin en die doel van die huidige projek is dan ook om te bepaal of die sosiale status van die gesinne waaruit Afrikaanssprekende st. 6-seuns afkomstig is, 'n invloed uitoefen op die vryetydsaktiwiteite, houdings en aspirasies van die seuns. Met ander woorde, die ondersoek het as doelstelling om te bepaal watter verband daar bestaan tussen die sosiale status van die seuns se gesinne (van herkoms) en sekere van die seuns se vryetydsaktiwiteite, hou-

dings en aspirasies.

### 1.3 INSAMELING VAN GEGEWENS

Tydens die beplanning van Projek Talentopname is besluit om al die st.6-leerlinge in al die skole in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika (met die uitsondering van leerlinge in spesiale skole en klasse, nywerheidskole en verbeteringskole) daarby te betrek. Gedurende die derde skoolkwartaal van 1965 was 69 908 Blanke st.6-leerlinge van 832 skole in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika dan ook 'n week lank besig om 'n omvattende reeks toetse af te lê en vraelyste in te vul. Hierdie omvattende taak is georganiseer en uitgevoer deur die destydse Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, in samewerking met die Onderwysdepartemente van Transvaal, Kaapland, Natal, Oranje-Vrystaat en Suidwes-Afrika terwyl privaatskole, staatsondersteunde skole en kerkskole ook saamgewerk het.

Om die ingesamelde gegewens te verwerk, is van elektroniese masjiene gebruik gemaak. Die antwoordblaaie is deur 'n IBM-optiese leser nagesien en die resultate is outomaties op ponskaarte oorgedra. Hierna is die resultate op 'n magnetiese band oorgedra waarna alle verwerkings deur middel van 'n rekenoutomaat geskied het.

Die gegewens waarvan in die huidige ondersoek gebruik gemaak word, is verkry deur middel van 'n biografiese vraelys wat in 1965 deur die leerlinge ingevul is. Hierdie vraelys is spesiaal vir Talentopname opgestel met die doel om soveel moontlik biografiese en ander agtergrondsgewens van elke leerling te bekom. Die vraelys bestaan uit 66 vrae wat ongeveer 45 minute geneem het om te beantwoord. Twee van die vrae was oop vrae wat op die vraelys self beantwoord is. Die orige vrae is op 'n afsonderlike antwoordblad beantwoord. Vier vrae het identifiserende gegewens gelewer. By elke vraag, afgesien van die eerste vier wat identifiserende data verskaf het en die twee oop vrae, is 'n aantal moontlike antwoorde gegee waaruit die leerling die een moes kies wat op hom van toepassing is. Die antwoorde wat gegee is, was sodanig dat dit vir 'n leerling moontlik was om elke vraag te beantwoord.

### 1.4 BETROUWBAARHEID VAN DIE GEGEWENS

Die leerlinge het die vraelyste ingevul en die toetse afgelê onder streng gekontroleerde toestande sodat die kans om onjuiste gegewens te verstrek uiters gering was. Indien daar egter wel enkele leerlinge was wat onjuiste inligting verstrek het, sal hierdie foutiewe inligting, gesien die grootte van die ondersoekgroep, geen merkbare invloed op die bevindinge hê nie.

### 1.5 DIE ONDERSOEGGROEP

Om redes wat later in die verslag verstrek sal word, is besluit om in hierdie ondersoek slegs Afrikaanssprekende seuns van wie beide ouers nog leef en wat gedurende skoolkwartale by hul ouers in 'n huis woon, in te sluit, en hulle was 13 999 oftewel 20,0 persent van die oorspronklike 69 908 st.6-leerlinge van 1965.

Daar dien op gelet te word dat die ondersoekgroep nie 'n steekproef van die oorspronklike 69 908 leerlinge is nie, maar dat alle leerlinge wat aan die gestelde vereiste voldoen het, ingesluit is. Die ondersoekgroep is dus 'n sub-universum van die universum van die 69 908 st.6-leerlinge van 1965. Verder is die ondersoekgroep ook homogeen ten opsigte van geslag, huistaal, aanwesigheid van ouers, inwoning by ouers, behuising en skoolstanderd.

## 1.6 HIPOTESE

Volgens Zetterberg is 'n hipotese 'n proposisie waarin duidelik-gedefinieerde veranderlikes met mekaar in verband gestel word, maar waarvoor empiriese bewyse nodig is (36, bl. 12-35). Met ander woorde, die hipotese moet empiries getoets word met die oog op die bevestiging of verwerping daarvan.

Vir doeleindes van die huidige ondersoek word die volgende hipotese geformuleer:

Daar bestaan 'n positiewe verband tussen die sosiale status van die Afrikaanssprekende standaard ses-seuns se gesinne van herkoms en:

- (a) deelname van die seuns aan sekere vryetydsaktiwiteite,
- (b) sekere houdings van die seuns, en
- (c) sekere aspirasies van die seuns.

## 1.7 METODE

Aangesien, soos reeds gemeld, die ondersoekgroep nie 'n steekproef is nie maar 'n sub-universum, is gegewens nie onderhewig aan moontlike steekproeffoute nie. Enige verband wat tussen veranderlikes bestaan, is dus werklik en kan nie aan moontlike steekproeffoute toegeskryf word nie.

Ten einde egter te bepaal of 'n sodanige verband statisties beduidend is, sal die chi-kwadraattoets toegepas word wanneer die ingesamelde data in hoofstukke 5, 6 en 7 ontleed word. Vir die doeleindes van die ondersoek word aanvaar dat indien die waarskynlikheidswaarde ( $p$ ) kleiner as een persent is ( $p < 0,01$ ) dit 'n aanduiding is dat die verband statisties beduidend is (29).

## 1.8 BEGRIPSBEPALING

Dit is nodig om veral drie begrippe wat deurgaans in die studie voorkom, te wete sosiale status, sosiale klas en sosiale stratifikasie, te omskryf. 'n Bespreking van hierdie begrippe word in hoofstuk twee aangebied.

## 1.9 AANBIEDING VAN DIE GEGEWENS

Die huidige hoofstuk handel oor die doel van die ondersoek en die metode van ondersoek wat gevolg is, en bevat ook die gestelde hipotese. Sekere algemene kenmerke van die ondersoekgroep word ook in dié hoofstuk bespreek.

Hoofstuk 2 word gewy aan 'n bespreking van die begrippe sosiale status, sosiale klas en sosiale stratifikasie, terwyl hoofstuk 3 handel oor die indikatore en indekse van sosiale status.

In hoofstuk 4 word 'n indeks van sosiale status ontwikkel.

Hoofstukke 5 en 6 word onderskeidelik gewy aan enkele vryetydsaktiwiteite en enkele houdings van die seuns, terwyl hoofstuk 7 handel oor enkele van hul aspirasies.

In die slothoofstuk (hoofstuk 8) word die houdbaarheid van die gestelde hipotese getoets, 'n moontlike verklaring vir die bevindings aangebied en verdere beoogde navorsing kortliks aangestip.

Om oorvleueling te voorkom, sal daar nie aan die einde van elke hoofstuk aangetoon word of die gestelde hipotese bevestig of verwerp word nie, maar in die slothoofstuk sal hierdie vraag beantwoord word.

Wanneer die bevindings van die ondersoek ontleed en beskryf word, sal daar verwys word na die bevindings van ander relevante ondersoeke, waar dié beskikbaar is.

#### 1.10 ALGEMENE KENMERKE VAN DIE ONDERSOEGROEP

In hierdie afdeling word sekere algemene kenmerke van die ondersoekgroep soos byvoorbeeld ouderdom, die soort skool wat die ondersoekgroep bywoon en die provinsie waarin die ondersoekgroep op skool is, bespreek. Hierdie gegewens sal dien om die leser te oriënteer met betrekking tot die ondersoekgroep.

##### 1.10.1 Ouderdom

Die ouderdomsverdeling van die ondersoekgroep word in tabel 1.1 aangetoon.

TABEL 1.1  
DIE OUDERDOMSVERDELING VAN DIE ONDERSOEGROEP

Ouderdom	Getal	Persentasie
12 jaar of jonger	541	3,9
13 jaar	7243	51,7
14 jaar	4410	31,5
15 jaar	1398	10,0
16 jaar of ouer	407	2,9
TOTAAL	13999	100,0

Uit tabel 1.1 blyk dat die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep (51,7%) dertien jaar oud is, gevolg deur die veertienjariges (31,5%) en dan die vyftienjariges (10,0%).

##### 1.10.2 Soort skool wat die ondersoekgroep bywoon volgens die geslag van die leerlinge

Volgens tabel 1.2 woon meer as vier vyfdes van die respondente, te wete 85,8 persent, 'n gemengde skool by (dit wil sê 'n skool wat voorsiening maak vir sowel seuns as meisies) terwyl slegs 14,2 persent 'n seunskool bywoon. Bykans twee derdes van die respondente wat seunskole bywoon, is leerlinge van hoër tegniese skole.

TABEL 1.2  
DIE SOORT SKOOL WAT DIE ONDERSOEGROEP BYWOON VOLGENS DIE GESLAG VAN DIE LEERLINGE

Soort skool	Getal	Persentasie
Seunskool	1990	14,2
Skool vir seuns en meisies	12009	85,8
TOTAAL	13999	100,0

##### 1.10.3 Die provinsie waarin die ondersoekgroep op skool is

Tabel 1.3 toon dat 56,1 persent van die respondente in Transvaal op skool is, terwyl onderskeidelik 26,7 en 11,0 persent skole in Kaapland en die Oranje-Vrystaat bywoon. Minder as 'n tiende van die respondente is in Natal of in Suidwes-Afrika op skool.

TABEL 1.3  
DIE PROVINSIE<sup>1)</sup> WAARIN DIE ONDERSOEKGROEP OP SKOOL IS

Provinsie	Getal	Persentasie
Kaapland	3742	26,7
Natal	629	4,5
Oranje-Vrystaat	1541	11,0
Transvaal	7856	56,1
Suidwes-Afrika	231	1,7
TOTAAL	13999	100,0

<sup>1)</sup>Vir doeleindes van dié studie is Suidwes-Afrika as 'n provinsie beskou.

1.10.4 Die soort skool wat die ondergroep bywoon volgens die aard van opleiding

Byna nege tiendes van die respondente, naamlik 89,9 persent, woon volgens tabel 1.4 gewone provinsiale skole by terwyl 9,3 persent leerlinge van hoër tegniese skole is. Die vyf oorblywende soorte skole genoem in tabel 1.4 word elk deur 'n onbeduidende klein persentasie respondente bygewoon.

TABEL 1.4  
DIE SOORT SKOOL, WAT DIE ONDERSOEKGROEP BYWOON VOLGENS DIE AARD VAN OPLEIDING

Soort skool	Getal	Persentasie
Gewone provinsiale skool	12583	89,9
Provinsiale landbou-skool	64	0,5
Hoër tegniese skool <sup>1)</sup>	1302	9,3
Provinsiaal-ondersteunde gewone skool	29	0,2
Provinsiaal-ondersteunde kerkskool	1	
Gewone privaatskool	3	
Private kerkskool	17	0,1
TOTAAL	13999	100,0

<sup>1)</sup>Hoër tegniese skole is almal seunskole.

1.10.5 Die soort skool wat die ondergroep bywoon volgens die ligging daarvan

Volgens tabel 1.5 is meer as die helfte van die respondente, te wete 52,6 persent, leerlinge van stadskole, gevolg deur diégene wat dorpskole bywoon (46,1%) en dan dié respondente wat plaasskole bywoon (1,3%).

TABEL 1.5  
DIE SOORT SKOOL WAT DIE ONDERSOEKGROEP BYWOON VOLGENS DIE LIGGING DAARVAN

Soort skool	Getal	Persentasie
Stadskool	7369	52,6
Dorpskool	6447	46,1
Plaasskool	183	1,3
TOTAAL	13999	100,0

Die verskynsel dat so 'n geringe persentasie respondente plaasskole bywoon, hang waarskynlik saam met die onderwysbeleid in Suid-Afrika, naamlik om standerd ses weg te neem van plaasskole. Tydens die Talentopnametoetsprogram van

1965 was daar dan ook nog slegs enkele plaasskole wat oor 'n standaard ses-klas beskik het.

Selfs indien aanvaar word dat sommige van die leerlinge wat dorpskole bywoon, in werklikheid plaaskinders is wat gedurende skoolkwartale by hul ouers op plase woon en byvoorbeeld daaglik per bus na die skool vervoer word, kan die afleiding nog gemaak word dat die ondersoekgroep grotendeels uit dorps- en stadskinders bestaan.

Dit blyk dan volgens tabelle 1.1 tot 1.5 dat die ondersoekgroep hoofsaaklik 13 tot 14 jaar oud is, hoofsaaklik in koëdukasieskole is, hoofsaaklik in Transvaal en Kaapland op skool is, bykans deurgaans provinsiale skole bywoon en grotendeels dorps- en stadskinders is.

## HOOFSTUK 2

### SOSIALE STATUS, SOSIALE KLAS EN SOSIALE STRATIFIKASIE

#### 2.1 INLEIDING

Wanneer navorsing onderneem word, is dit noodsaaklik om die begrippe wat gebruik word, duidelik te omskryf. Hyman stel dit as 'n voorwaarde van navorsing as hy sê: "The proper conceptualization of a phenomenon is a pre-requisite to precise measurement"(21, bl. 68).

#### 2.2 BEGRIPSBEPALING

Vervolgens sal die drie begrippe, te wete sosiale status, sosiale klas en sosiale stratifikasie dan ook omskryf word.

Struktureel gesien, bestaan enige sosiale sisteem uit 'n verskeidenheid van posisies. Die begrip posisie kan gebruik word om die plek in die sosiale struktuur van enige bepaalde rolspeler relatief tot die ander akteurs in die kollektiwiteit aan te dui (13, bl. 23).

'n Posisie vorm dus deel van 'n hele omvattende sisteem van posisies en een besondere posisie het alleenlik betekenis indien dit gesien word relatief tot die ander posisies waaraan dit verwant is.

Posisies het almal twee belangrike kenmerke: Eerstens is aan elkeen van hulle sekere regte en verpligtinge gekoppel. Wanneer hierdie regte en verpligtinge wat aan 'n posisie gekoppel is deur die persoon wat die posisie beset in werking gestel word, dan vind daar rolspeling of rolvervulling plaas. Hierdie regte en verpligtinge en daarom ook die rolinhoud van enkele of tipes van posisies verskil natuurlik van mekaar. Tweedens, omdat posisies en die gepaardgaande regte en verpligtinge verskil, word posisies ook verskillend geëvalueer - sommige word as van groter waarde beskou, word meer gerespekteer en het 'n groter of hoër aansien of prestige as ander (13, bl. 266).

Dit is derhalwe moontlik om op grond van hierdie differensiële evaluering of waardering van posisies vir 'n bepaalde kollektiwiteit 'n skaal of hiërargie van posisies in terme van relatiewe prestige op te stel. As voorbeeld kan genoem word die beroeps-prestigekaal wat in 1947 deur Paul K. Hatt en Cecil C. North vir die National Opinion Research Centre in die VSA opgestel is. Hierdie twee sosiaal-wetenskaplikes het 'n steekproef van die totale Amerikaanse bevolking gevra om 90 verskillende beroepe te evalueer deur elkeen op 'n vyfpunt-skaal te beoordeel. Op grond hiervan was hulle in staat om die 90 beroepe in rangorde te plaas. Aan die boonste punt van hierdie skaal het beroepe soos regter van die Amerikaanse Hooggeregshof, mediese praktisyn en minister verskyn, in die middel is beroepe soos welsynswerker en bestuurder van 'n klein winkel aangetref, terwyl beroepe soos portier en straatveër aan die onderste punt van die skaal voorgekom het (30, bl. 35).

Dit is egter nie slegs posisies wat geëvalueer word nie, maar ook persone en wel op grond van die kwaliteite wat hulle vertoon en die verdienstelikheid van hul prestasies. Die waardering of respek wat aan 'n persoon betoon word, is die agting wat ten opsigte van die persoon bestaan.

Aangesien die evaluering van posisies en van persone afsonderlik bespreek is, mag die indruk gewek word dat hierdie twee aspekte geheel en al los van mekaar staan. Dit is egter geensins die geval nie: in die praktyk gaan die twee saam en word persone in rangorde van respek geplaas op grond van sowel die prestige verbonde aan die posisies wat hulle beklee as die agting vir hul persoonlike kwaliteite en prestasies. Omdat die twee aspekte so nou aan mekaar

verbonde is, word die evaluasie van 'n persoon sowel as 'n posisie dan ook met een begrip aangedui naamlik status (13, bl. 266-267).

Daar is reeds op gewys dat posisies en persone verskillend geëvalueer word en daaruit volg dus dat in enige kollektiwiteit daar verskille ten opsigte van status sal wees, met ander woorde, alle kollektiwiteite is statusgediferensieerd.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat 'n individu nie slegs een posisie beklee nie - intendeel, omdat hy gelyktydig lid is van 'n hele aantal kollektiwiteite beklee hy gelyktydig verskillende posisies. Verder beskik 'n individu ook oor verskillende kwaliteite. Indien die verskeidenheid van posisies wat hy beklee asook die verskillende kwaliteite waaroor hy beskik, geëvalueer word, is die eindresultaat van die evaluering die sosiale status van die individu. In ooreenstemming hiermee moet, wanneer die sosiale status van 'n kollektiwiteit, byvoorbeeld 'n gesin, bepaal word, die verskeidenheid van posisies en kwaliteite van die lede van die gesin geëvalueer word. Aansluitend hierby verklar Cilliers en Joubert as volg: "Die maatskaplike status van 'n verwantskapseenheid is dus eintlik 'n 'totale' waardering, relatief tot ander verwantskapseenhede, op grond van verskillende statusse. Dit beteken dat by die bepaling van die maatskaplike status van 'n gesin, verskeie posisies, kwaliteite en prestasies van die lede daarvan in aanmerking geneem word" (13, bl. 267).

In gemeenskappe en samelewings as omvattende kollektiwiteite word die verskynsel aangetref dat daar differensiasie ten opsigte van die sosiale status van die eenhede, hetsy individue, gesinne of groepe is. Dit is moontlik om hierdie differensiële sosiale status redelik fyn aan te toon deur byvoorbeeld gebruik te maak van 'n skaal met 1 as onderste grens en 100 as boonste grens. Elke gesin in die kollektiwiteit word dan op grond van die totale waardering van die gesin iewers op hierdie skaal geplaas. Met ander woorde, teoreties is daar 100 potensiële statuspunte.

Hoewel 'n fyn indeling soos hierdie in beginsel in 'n hoë mate aan te beveel is, skeep dit nogtans praktiese probleme, veral ten opsigte van beskrywing en interpretasie waar sosiale status as 'n veranderlike in navorsing gebruik word. Hierdie probleme word egter oorbrug wanneer 'n growwer indeling gebruik word deur gesinne van min of meer dieselfde sosiale status saam te groepeer. So 'n groepering staan bekend as 'n sosiale klas.

Cilliers en Joubert omskryf hierdie term as volg: " 'n Maatskaplike klas sou formeel gedefinieer kon word as 'n grootliks endogame stratum bestaande uit gesinne van ongeveer gelyke maatskaplike status wat mekaar as gelykes aanvaar in werklike of potensiële assosiasie en maatskaplike verhoudings" (13, bl. 284).

Barber bied die volgende definisie: "A social class, or a 'stratum' as Max Weber called it, consists of a set of families that share equal or nearly equal prestige according to the criteria of evaluation in the system of stratification" (1, bl. 73).

Daar is reeds op gewys dat in gemeenskappe en samelewings die sosiale status van die eenhede - individue, gesinne of groepe - differensieel is. Op grond van hierdie feit is dit moontlik om gemeenskappe of samelewings in horisontale lae of strata in te deel. Hierdie indeling in lae of strata staan bekend as sosiale stratifikasie. Ten opsigte van sosiale stratifikasie is daar twee belangrike punte waarop gelet moet word: (1) In gemeenskappe en samelewings as omvattende kollektiwiteite behoort groot getalle, maar terselfdertyd ongelyke gedeeltes van die eenhede tot elk van hierdie strata. (2) Omdat die sosiale status van die eenhede differensieel is, met ander woorde omdat hulle verskil ten opsigte van sosiale gewaardeerdheid, beteken sosiale strati-

fikasie ook in wese sosiale ongelykheid. Hierdie gedagte word as volg deur Tumin opgesom: "Although most current usage speaks of social stratification rather than of social inequality, for all practical purposes the terms are synonymous"(30, bl. 12).

Dieselfde skrywer definieer sosiale stratifikasie as volg: "Essentially we mean by social stratification the arrangement of any social group or society into a hierarchy of positions that are unequal with regard to power, property, social evaluation and/or psychic gratification"(30, bl. 12).

Nou dat die begrippe sosiale status, sosiale klas en sosiale stratifikasie kortliks omskryf is - waaruit ook geblyk het hoe nou die drie begrippe met mekaar verweef is - sal hulle in die volgende afdelings verder ontleed word.

### 2.3 DIE ANTIKWITEIT VAN SOSIALE STRATIFIKASIE

Sosiale stratifikasie is nie 'n verskynsel wat slegs in resente samelewings aangetref word nie, intendeel dit is so oud soos die mensdom self. Tumin laat hom as volg uit oor die antikwiteit van sosiale stratifikasie: "According to historical and archaeological records, stratification was present even in the small wandering bands that characterized society in the earliest days of man. In such primitive conditions both age and sex in combination with physical strength must have been important criteria of stratification. 'Women and children last' was probably the dominant rule of order" (30, bl. 16).

Hodges sluit, hierby aan en verklaar dat die vroeë beskawings wat langs die Eufraat, Tigrus, Nyl en Indus bestaan het, ook deur sosiale stratifikasie gekenmerk is: die hoogste stratum het bestaan uit die adelstand, in die middelste stratum is die vakmanne en stedelinge aangetref, terwyl boere, lyfeienes en slawe tot die laagste stratum behoort het (19, bl. 16).

Ook in die Griekse beskawing het sosiale stratifikasie voorgekom en hieromtrent sê Hodges die volgende: "Reigning supreme were the politically powerful citizens: below them, free but lacking the right to vote, were the members of the larger business community; at the bottom was the unfree class - slaves and agricultural serfs" (19, bl. 21).

Sosiale stratifikasie was eweneens 'n kenmerk van die Romeinse Ryk sowel as van die Middeleeuse samelewings.

Ook die laat-feudale samelewings in Europa was gestratifiseer, en drie hoofstande kon onderskei word: die geestelikes, die adel en die gewone burgers. Interne sosiale statusverskille is weer deur elkeen van hierdie drie hoofstande gehandhaaf; byvoorbeeld, in die laagste stand was daar duidelike sosiale statusverskille tussen professioneles, vakmanne en boere. Hierdie stratifikasie volgens stande het in 'n ietwat gewysigde vorm in die sestiende, sewentiende en agtiende eeue in Europa bly voortbestaan (13, bl. 277-278).

Uit hierdie kort beskrywing blyk dit dus duidelik dat voor-industriële samelewings beslis sosiaal gestratifiseer was, en gevolglik kan met reg verklaar word dat die verskynsel van sosiale stratifikasie in der waarheid antiek is.

Die stratifikasiepatroon van geïndustrialiseerde samelewings sal in 'n volgende afdeling bespreek word.

### 2.4 DIE UNIVERSALITEIT VAN SOSIALE STRATIFIKASIE

Die vraag ontstaan nou of sosiale stratifikasie 'n verskynsel is wat universeel by alle hedendaagse samelewings voorkom en of dit beperk is tot slegs

sekere samelewings. Cilliers en Joubert antwoord as volg op hierdie vraag: "Daar moet aanvaar word dat alle samelewings gestratifiseer is. Die differensiese evaluasie van posisies en persone is blykbaar inherent in die mens se maatskaplike organisasie" (13, bl. 268-269).

Davis onderskryf hierdie standpunt en laat hom as volg uit oor die universaliteit van sosiale stratifikasie: "Looking at the cultures of the world one finds that no society is 'classless', that is, unstratified. There are some primitive communities so small that no class strata appear, the social organization resting almost entirely on age, sex and kinship; but even here chiefship, individual prowess, and clan or family property introduce an incipient stratification" (15, bl. 366).

Tumin sluit hom by Davis aan en verklaar die volgende: "... within every nation, including all the so-called socialist countries, stratification is always to be found.

Stratification is also present in nonliterate societies, whose traditions are largely oral and for whom the technological features of a civilization based on writing, science, and discovery are, as yet, only of tangential importance. For instance, among the Bushmen, ... stratification is present though in very rudimentary forms ..." (30, bl. 17).

Ook Barber (1, bl. 12), Chinoy (12, bl. 131) en Karlin (23, bl. 185) wys op die universaliteit van sosiale stratifikasie.

Ten einde hierdie uitsprake toe te lig, sal die stratifikasiepatroon in enkele lande kortliks bespreek word.

#### 2.4.1 Die stratifikasiepatroon in Indië

Die kastestelsel wat in Indië aangetref word, is 'n stratifikasiesisteem wat op toegeskrewe status - spesifieke geboorte in 'n bepaalde stratum - berus en waarin die moontlikheid van beweging tussen strata uitgesluit is.

Volgens Hodges is daar ongeveer 5 000 kastes en subkastes. Taboes bepaal byvoorbeeld dat 'n persoon nie buite sy/haar kaste mag trou nie, dat sekere soorte werk, byvoorbeeld die verwydering van vullis, slegs deur sekere kastes gedoen mag word en dat water wat deur 'n lid van 'n minderwaardige kaste aangeraak is, nie gedrink mag word nie omdat dit besoedel is. Indien 'n persoon hierdie norme oortree, word daar gou en streng teen hom opgetree: hy word uit die betrokke kaste verban en gevolglik mag hy nie meer deur vriende en familie besoek word nie (19, bl. 24-25).

Mayer verklaar dat die kastestelsel stadig besig is om te verbreek as gevolg van industrialisasie, verstedeliking en verwestering. In fabriek en skole en op die moderne vervoerstelsel word lede van verskillende kastes gedwing om fisies meer met mekaar in kontak te kom. Verder is dit die beleid van die huidige Indiese regering om ekonomiese en opvoedkundige diskriminasie wat daar teen die sogenaamde onaanraakbares bestaan, op te hef (Mahatma Gandhi het reeds in 1947 'n wet deurgeloods waardeur diskriminasie teen die onaanraakbares verbied word) en om gelyke kanse vir alle Indiërs daar te stel, afgesien van tot watter kaste hul behoort (24, bl. 15-16).

In die lig hiervan ontstaan die vraag of die kastestelsel in die nabye toekoms totaal sal verdwyn. Mayer antwoord hierop as volg: "... it would be premature to expect the total disappearance of the caste system in the near future in spite of the considerable modifications now taking place" (24, bl. 16).

Hodges sluit hierby aan en verklaar die volgende: "Its (the caste tradition's) hold may be weakening in the larger cities, but for the rank and file of India's population, it is a stratification system which continues virtually unabated" (19, bl. 25).

#### 2.4.2 Die stratifikasiepatroon in die VSA

Ook in die VSA word sosiale stratifikasie aangetref soos blyk uit die volgende uitspraak van Hodges: "Complex societies are everywhere and always stratified societies : this is an inescapable fact. It is a fact as true of today's United States ... as it was of mediaeval Europe, classical Greece or ancient Mesopotamia" (19, bl. 1).

In teenstelling egter met die kastestelsel wat reeds teen 600 v.C. in Indië gevestig geraak het, is die standpunt dat die Amerikaanse samelewing klasloos is - met ander woorde dat daar geen sosiale stratifikasie bestaan nie - tot betreklik onlangs gehuldig. So byvoorbeeld het nie minder as 88 persent van die respondente in 'n opname wat gedurende 1939 deur die Galluporganisasie gemaak is, verklaar dat hulle tot die middelklas behoort terwyl slegs 6 persent hulself as die hoër klas betitel het en die oorblywende 6 persent gesê het dat hulle tot die laer klas behoort. En selfs gedurende die veertigerjare was die algemene mening dat daar geen sosiale klasse in die VSA is nie (28, bl. 12).

Die grootte en aantal sosiale klasse in die VSA sal in 'n verdere afdeling bespreek word.

Die stratifikasiepatroon in die VSA berus - soos wat trouens ook die geval met alle kontemporêre Westerse geïndustrialiseerde samelewings is - primêr op verworwe status (die beroepsrol). Ook is die sosiale klasse wat onderskei word, relatief "oop", met ander woorde 'n persoon kan deur prestasie tot 'n hoër klas styg. In hierdie twee opsigte verskil die stratifikasiesisteen wat in die VSA aangetref word dus aanmerklik van dié in Indië.

#### 2.4.3 Die stratifikasiepatroon in Rusland

Toe die Kommunistiese Party in 1917 die bewind in Rusland oorgeneem het, is deur middel van 'n dekreet alle klasseverskille opgehef ten einde die doelstelling van 'n klaslose samelewing te probeer bereik. In 1931 egter het Stalin as gevolg van verskeie probleme wat opgeduik het, maatreëls ingestel wat grootliks daartoe bygedra het om klasseverskille weer te herstel (12, bl. 144 - 145).

As gevolg van hierdie en verwante ekonomiese en politieke maatreëls kon daar teen 1940 in Rusland tien sosiale klasse onderskei word (2, bl. 517).

Hoewel die Sowjetleiers vandag nog formeel verbind is aan die doelstelling om 'n klaslose samelewing te verkry, ontstaan die vraag of soiets met inagneming van die huidige stratifikasiepatroon wel moontlik is. In hierdie verband merk Inkeles as volg op: "The present system of stratification seems to be not merely stable, but is of such an order that it would probably require a new social and political revolution to restore the kind of dynamism necessary to create even an approximation of a classless society as defined in classical Marxist terms" (2, bl. 526).

#### 2.4.4 Die stratifikasiepatroon in Suid-Afrika

In Suid-Afrika het die verskillende bevolkingsgroepe aparte stratifikasiesisteme langs mekaar ontwikkel en deur die apartheidsbeleid word gepoog om hierdie aparte strukture te verstewig. Daar kan dus nie gepraat word van die stratifikasiesisteen van die Suid-Afrikaanse samelewing nie.

Ten opsigte van sosiale stratifikasie by die Kleurlinge het Van der Merwe 'n studie van die Kleurlinggemeenskap van Stellenbosch gemaak. Hy het van tien beoordelaars gebruik gemaak om 55 lede van die gemeenskap in klasse in te deel. Sy studie het aan die lig gebring dat sosiale stratifikasie wel in die betrokke gemeenskap aangetref word (84, bl. 14).

Ten opsigte van sosiale stratifikasie by Afrikaanssprekende Blankes het Van Zyl 'n studie in drie gebiede van die Kaapse Metropolitaanse area, te wete Vredelust, Oakdale-Kingston en Eppingtuindorp onderneem. Hy het 200 getroude vroue ondervra en al die respondente het saamgestem dat: "... op die verskillende sporte van die lewe, breë groepe van Afrikaanssprekendes aangetref word wat min of meer gelyke aansien geniet" (85, bl. 42).

In 'n ondersoek wat Close in Durban onderneem het, het meer as driekwart van die 265 respondente (sowel Afrikaans- as Engelssprekendes), te wete 77,4 persent, bevestigend geantwoord op die vraag of hulle wel sosiale klasse in Durban onderskei (46, bl. 111).

## 2.5 DIE GETAL EN GROOTTE VAN SOSIALE KLASSE

In enige stratifikasiesisteen is die getal sosiale klasse wat onderskei word, nooit absoluut nie. Hierdie getal is volgens Villiers en Joubert afhanklik van: "... die maatskaplike statussensitiwiteit van die lede van die betrokke gemeenskap of samelewing (indien die navorser direk of indirek na die aantal klasse wat mense onderskei navraag gedoen het) en/of van die indelings wat die sosiaalwetenskaplike nodig vind om te maak in sy studie van die klasstruktuur" (13, bl. 291 - 292).

Gedurende die dertigerjare het Warner en Lunt 'n ondersoek van 'n gemeenskap in die VSA genoem "Yankee City" onderneem. Deur gebruikmaking van die tegniek van verbale evaluasies het hulle uiteindelik ses sosiale klasse onderskei, te wete: hoog-hoog (1,4%), laag-hoog (1,6%), hoog-middel (10,2%), laag-middel (28,1%), hoog-laag (32,6%) en laag-laag (25,2%) met 0,8 persent as onbekend (32, bl. 84-88).

Soos tereg verwag kan word, is die onderskeid tussen die ses sosiale klasse nie altyd baie duidelik nie. In hierdie verband merk Bergel die volgende op: "Although we accept Warner's scheme, we assume that the six classes are not sharply divided, but the transition of one class to the next one is almost imperceptible. To use a metaphor, we can count waves by their crests but cannot tell where they begin or end" (4, bl. 259).

Gedurende 1945 het Centers ook 'n studie in die VSA uitgevoer. Hy het 'n steekproef van volwasse Blanke manlikes ('n totaal van 1 097 respondente) by die ondersoek betrek, en hulle versoek om die sosiale klas waarin hulle meen dat hulleself val, te identifiseer. Op grond hiervan het hy vier sosiale klasse onderskei, naamlik: hoër klas (3%), middelklas (43%), werkersklas (51%) en laer klas (1%) (10, bl. 77).

In die reedsgemelde studie van Van der Merwe oor die Kleurlinggemeenskap van Stellenbosch, het hy drie sosiale klasse onderskei, te wete hoër klas, middelklas en laer klas (84, bl. 14), terwyl meer as nege tiendes (91,5%) van die respondente wat Van Zyl by sy ondersoek betrek het, verklaar het dat daar onder Afrikaners ook drie sosiale klasse te onderskei is, naamlik hoër klas, middelklas en laerklas (85, bl. 53-55).

In die studie wat Close onderneem het, was meer as die helfte (55,5%) van dié respondente wat wel sosiale klasse onderskei het, die mening toegedaan dat daar onder Blankes in Durban ook drie sosiale klasse bestaan, wat net soos in

die geval van die vorige twee ondersoekes, onderskeidelik "hoog", "middel" en "laag" genoem is (46, bl. 112).

Terwyl die eersgenoemde ondersoekers (Warner en Lunt, en Centers) die proporsionele groottes van die sosiale klasse wat hulle onderskei het, vasgestel en aangetoon het, het die laasgenoemde drie ondersoekers (Van der Merwe, Van Zyl en Close) dit nie gedoen nie, sodat daar tot dusver nog geen proporsionele groottes van sosiale klasse in 'n Suid-Afrikaanse gemeenskap vasgestel is nie.

## 2.6 DIE LEWENSGELEENTHEDE VAN VERSKILLENDE SOSIALE KLASSE

'n Groot getal empiriese ondersoekes wat oor 'n tydperk van jare uitgevoer is, het ondubbelsinnig aangetoon dat die lewensgeleentehede van verskillende sosiale klasse aanmerklik verskil. In hierdie afdeling sal dan ook vervolgens kortliks by enkele van hierdie ondersoekes stilgestaan word.

Onder die breë term lewensgeleentehede kan onder andere ingesluit word die kans om gesond te bly, die kans om nie in misdadige gedrag te vervaal nie, die kans om, indien getroud, nie in 'n egskeiding betrokke te raak nie, asook die kans om hoër opvoedkundige kwalifikasies te verwerf.

### 2.6.1 Sosiale klas en geestesafwykings

Gedurende 1950 is 'n studie in New Haven, VSA uitgevoer. Die ondersoeksgroep het bestaan uit alle inwoners van die gemeenskap wat op 1 Desember 1950 pasiënte van 'n psigiater of 'n psigiatriese kliniek was of wat in 'n psigiatriese inrigting was (1 963 respondente). Die kontrolegroep het bestaan uit 'n vyf-persent ewekansige steekproef van alle inwoners van die gemeenskap (11 422 respondente). Albei groepe is in vyf sosiale klasse ingedeel. Ontledings het aan die lig gebring dat daar 'n verband bestaan tussen sosiale klas en die voorkoms van psigoneurotiese verstoringe. Die hoogste sosiale klas (sakeleiers en professionele persone) wat 3,1 persent van die kontrolegroep uitmaak, lewer byvoorbeeld slegs 1,0 persent van die pasiënte in die ondersoeksgroep op, terwyl die laagste sosiale klas (halfgeskoolde en ongeskoolde persone) wat 17,8 persent van die kontrolegroep uitmaak, 36,8 persent van die pasiënte in die ondersoeksgroep oplewer.

Verdere ontledings toon ook dat daar 'n verband bestaan tussen sosiale klas en die soorte geestesafwykings. So byvoorbeeld is 52,6 persent van die pasiënte uit die hoogste sosiale klas behandel vir neuroses, terwyl 'n ietwat kleiner persentasie (47,4%) vir psigosos behandel is. Daarteenoor het slegs 8,4 persent van diegene uit die laagste sosiale klas behandeling vir neuroses ontvang terwyl meer as nege tiendes (91,6%) behandeling vir psigosos ontvang het (56, bl. 163-169).

### 2.6.2 Sosiale klas en egskeiding

In 'n studie wat Goode in verband met egskeiding in die VSA onderneem het, het hy 'n indeks van "geneigtheid tot egskeiding" bereken. Indien beroep as indeks van sosiale klas gebruik word, blyk dit dat daar 'n omgekeerde verband bestaan tussen sosiale klas en egskeiding: diegene in die laagste sosiale klas (ongeskoolde persone) is veel meer geneig tot egskeiding as die persone in die hoogste sosiale klas (professionele persone en sakeleiers). Die indeks-punt van geneigtheid tot egskeiding vir die twee betrokke sosiale klasse kom op onderskeidelik 179,7 en 67,7 punte te staan.

Hierdie omgekeerde verband tussen sosiale klas en egskeiding word ook gevind wanneer inkomste as indeks van sosiale klas gebruik word. Persone in die laagste sosiale klas (dié met geen inkomste) is baie meer geneig tot egskeiding as persone in die hoogste sosiale klas (met 'n jaarlikse inkomste van \$4000 of meer). Die indeks-punt vir die twee genoemde sosiale klasse kom op onderskeide-

lik 199,0 en 66,7 punte te staan (17, bl. 47-54).

### 2.6.3 Sosiale klas en onderwys

Gedurende 1946-47 het Mulligan 1 444 studente aan die Universiteit van Indiana in die VSA by 'n ondersoek betrek. Op grond van die beroep van die vader is die ondersoekgroep in nege sosio-ekonomiese groepe verdeel. Ontledings toon dat daar 'n verband bestaan tussen die sosio-ekonomiese groep waaruit die respondente afkomstig is en die ontvangs van universitêre opleiding. Terwyl vaders wat professies beoefen slegs 4,2 persent van die manlik ekonomiese bedrywige bevolking van die Staat Indiana uitmaak, lewer hulle 13,9 persent van die ondersoekgroep op. Vaders wat halfgeskoolde of ongeskoolde werk verrig en 43,7 persent van die bevolking van die betrokke Staat uitmaak, lewer daarenteen slegs 12,6 persent van die ondersoekgroep op (63, bl. 188-191).

Gedurende 1949 het Davie 'n ondersoek in New Haven, VSA onderneem. Hy het alle kinders in die ouderdomsgroep 16 tot 17 jaar wie se ouers inwoners van New Haven was, by die ondersoek betrek (3 736 respondente). Die gesinne waaruit die kinders afkomstig was, is in ses sosiale klasse ingedeel. Die ondersoek toon duidelik dat daar 'n verband bestaan tussen sosiale klas en skoolbywoning, want terwyl 42,6 persent van die kinders uit die laagste sosiale klas in daardie stadium reeds die skool verlaat het, is die ooreenstemmende persentasie ten opsigte van kinders uit die hoogste sosiale klas onbeduidend klein, naamlik slegs 1,8 persent (50, bl. 175-178).

Die bevinding van Mulligan is bevestig deur die ondersoek wat Irving gedurende 1950 in Grahamstad uitgevoer het. Sy ondersoekgroep het bestaan uit 151 Blanke manlike studente aan die plaaslike onderwyskollege en 317 Blanke vroulike studente aan die plaaslike universiteit.

Sowel die vaders van die ondersoekgroep as alle Blanke ekonomiese bedrywige mans in Suid-Afrika is in ses beroepskategorieë ingedeel. Ontledings toon dat terwyl mans wat professionele, administratiewe en besturende beroepe beoefen (beroepskategorie I) slegs 15,6 persent van die Blanke ekonomiese bedrywige manlike bevolking uitmaak, 47,0 persent van die respondente aan die onderwyskollege en 63,7 persent van die respondente aan die universiteit verklaar het dat hul vaders genoemde beroepe beoefen (58, bl. 74-79).

## 2.7 DIE LEWENSTYL VAN VERSKILLENDE SOSIALE KLASSE

Ook wat betref lewenstyl het ondersoek getoon dat sosiale klasse verskil: lewenstyl is 'n baie wye term en kan moeilik bevredigend gedefinieer word, maar dit verwys tog na 'n duidelik waarneembare verskynsel dat persone wat tot 'n bepaalde sosiale klas behoort, hulle onderskei in sekere aktiwiteite en besittings. In hierdie opsig verklaar Barber as volg: "Broad social classes are often described in terms of their different 'styles of life'. The common and appropriate possessions and ways of behaving of a social class do not occur as single and independent units but rather as organically interdependent clusters. A 'style of life' is a closely interwoven set of activities and possessions that are correlated with and become symbolic of membership in a social class" (1, bl. 138).

Hierdie simboliese indikatore sluit onder andere die volgende in: Taal en spreekwyses, die styl, kwaliteit en mode van kleredrag, die tipe, grootte en plasing van die woning, meubilering, lidmaatskap van vrywillige organisasies, die soort sport en ontspanning waaraan deelgeneem word en kerklidmaatskap.

### 2.7.1 Sosiale klas en lidmaatskap van vrywillige organisasies

In 'n studie wat Reissman in Evanston, Illinois uitgevoer het en waarby hy 'n steekproef van volwasse Blanke manlikes (121 respondente) betrek het, het hy beroep, inkomste en onderwyspeil as drie afsonderlike indekse van sosiale klas

gebruik. In al drie gevalle het hy gevind dat heelwat meer persone uit die hoër klas as uit die laer klas aan twee of meer vrywillige organisasies behoort het. So byvoorbeeld was (met beroep as indeks) 66,2 persent van die hoër klas lede van organisasies, vergeleke met slegs 39,3 persent van die laer klas (67, bl. 76-80).

Reissman se bevinding dat daar 'n verband bestaan tussen sosiale klas en lidmaatskap van vrywillige organisasies is enkele jare later deur Wright en Hyman bevestig deur 'n studie uitgevoer in 1955 waarby 'n steekproef van die volwasse bevolking in die VSA (2 379 respondente) betrek is. Die betrokke ondersoekers het vyf afsonderlike indekse van sosiale status gebruik, te wete inkomste, onderwyspeil, beroep, huiseienaarskap en die beoordeling van die leefwyse, en tot die volgende gevolgtrekkings geraak: "Whichever index of status is used, an appreciably higher percentage of persons in higher status positions belong to voluntary associations than do persons of lower status. ... Furthermore, there is an increase in the percentage of persons who belong to several organizations as social status increases" (86, bl. 288).

### 2.7.2 Sosiale klas en vryetydsaktiwiteite

In die reedsgenoemde studie wat Reissman in Evanston, Illinois uitgevoer het, het hy bevind dat afgesien van welke indeks van sosiale klas gebruik word, heelwat meer persone uit die hoër klas as uit die laer klas gereeld boeke en tydskrifte lees. So byvoorbeeld het (met beroep as indeks) 67,7 persent van die hoër klas gereeld vier of meer tydskrifte gelees vergeleke met 39,3 persent van die laer klas, terwyl met onderwyspeil as indeks 52,2 persent van die hoër klas twee of meer boeke in 'n tydperk van drie maande gelees het teenoor 33,3 persent van die laer klas (67, bl. 80).

Ten opsigte van televisie het Coffin na bestudering van 'n aantal ondersoeke wat oor 'n tydperk van jare uitgevoer is, tot die volgende slotsom geraak: "Higher socio-economic groups are more likely to own sets (probably due to financial reasons), but the less privileged groups spend more time in viewing ..." (47, bl. 639).

Hierdie bevinding van Coffin dat die hoër sosiale klasse minder tyd voor die televisietoestel deurbring as die laer sosiale klasse word bevestig deur 'n ondersoek wat Hodges in 'n metropolitaanse gebied van Kalifornië uitgevoer het. Hy het die ondersoekgroep in vyf sosiale klasse ingedeel en bevind dat terwyl die hoogste sosiale klas slegs gemiddeld 16 minute per aand voor die televisietoestel deurgebring het, die ooreenstemmende tyd ten opsigte van die laagste sosiale klas so hoog as 180 minute per aand was (19, bl. 161).

## HOOFSTUK 3

### INDIKATORE EN INDEKSE VAN SOSIALE STATUS

#### 3.1 INLEIDING

In die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk sal die basisse van sosiale evaluasie bespreek word; daarna word stilgestaan by die indikatore van sosiale status terwyl die laaste gedeelte van die hoofstuk gewy word aan die indekse van sosiale status.

#### 3.2 BASISSE VAN SOSIALE EVALUASIE

In die vorige hoofstuk is dit duidelik gestel dat alle posisies, kwaliteite en prestasies geëvalueer word, en gevolglik is almal van hulle potensieel 'n basis vir sosiale evaluasie. Nie alle potensieële basisse is egter werklike kriteria nie en verder is dié wat wel werklike kriteria is, ook nie almal ewe belangrik nie.

Berelson en Steiner verklaar dat die volgende kriteria van tyd tot tyd in samelewings as belangrik beskou is: Gesag; politieke, ekonomiese en militêre mag; besit en beheer van grond; inkomste; verbruikspatrone en lewenstyl; beroep en beroepsprestasies; opleidingspeil; geestelikheid; altruïsme en gemeenskapsdiens; afkoms; lidmaatskap van verenigings; godsdienste; ras (3, bl. 454).

Aangesien nie alle werklike kriteria ewe belangrik is nie, is dit nodig om hulle in primêre en sekondêre kriteria in te deel.

##### 3.2.1 Primêre basisse

Barber omskryf primêre basisse soos volg: "In all societies, it appears, the primary criteria of evaluation of individuals are those social roles, and their associated activities, that are functionally essential for society and that require the relatively full-time participation of those who perform the roles" (1, bl. 20).

Die algemene stelling kan dan vervolgens gemaak word dat in alle samelewings bestuursrolle, militêre rolle, ekonomiese rolle en godsdienstige rolle as primêre basisse beskou kan word. Watter rolle die hoogste geëvalueer word in 'n samelewing, hang in 'n groot mate af van die waardestelsel van die betrokke samelewing asook van die interne en eksterne omstandighede van die samelewing. So sal byvoorbeeld in 'n samelewing wat in gedurige konflik met ander samelewings is, militêre rolle hoog geëvalueer word.

Geen samelewing kan dit egter bekostig dat een of net enkele basisse oorbeklemtoon word ten koste van ander nie. In hierdie verband merk Barber as volg op: "... a society is likely to suffer if it places too much emphasis on one or a few criteria at the expense of some of the several other functionally essential criteria. No one ranking criterion is likely, therefore, to outweigh all the others; and, likewise, no criterion can be entirely neglected" (1, bl. 21).

In kontemporêre Westerse geïndustrialiseerde samelewings word die beroepsrol van die man beskou as die belangrikste enkele "funksioneel noodsaaklike en relatief voltydse rol" en gevolglik 'n baie belangrike primêre basis vir evaluasie. "Beroepsrol" is egter 'n baie algemene begrip en in enige empiriese studie oor stratifikasie sal hierdie begrip gevolglik verder gekwalifiseer moet word (13, bl. 271).

Omdat, soos reeds gemeld, die beroepsrol van die man in Westerse samelewings na alle waarskynlikheid die belangrikste stratifikasiekriterium is, kan

die vraag met reg gestel word of daar sekere aspekte of kenmerke van beroepsrolle is, wat, indien hulle maksimaal voorkom, 'n basis is vir hoë sosiale status.

Barber onderskei in hierdie verband vier sodanige aspekte, naamlik: (1) Geldelike beloning en (2) 'n goeie reputasie : alle hoogbesoldigde persone en alle persone met 'n goeie reputasie ten opsigte van hul beroepsrolle word hoog geëvalueer afgesien van die verskillende rolle wat hulle vervul. (3) Kennis en (4) verantwoordelikheid: hoe groter die hoeveelheid kennis of verantwoordelikheid of die twee in kombinasie wat vir 'n besondere rol vereis word, hoe hoër sal die stratifikasieposisie van die bekleër van die betrokke rol wees (1, bl. 23-25).

Barber onderskei vervolgens vyf klasse beroepsrolle wat in alle samelewings voorkom en daarin as primêre stratifikasiekriteria dien. (1) Politieke beroepsrolle is verbind aan 'n samelewing se regeringstruktuur. Die aspek of kenmerk van verantwoordelikheid is baie belangrik in sodanige rolle, want die regering het 'n uiteindelijke monopolie op die gebruik van mag om orde te handhaaf. (2) Militêre rolle is noodsaaklik in 'n samelewing om interne orde te handhaaf maar veral om die samelewing teen eksterne bedreigings te beveilig. (3) Godsdienstige rolle het vandag nog in Indië en ander nie-westerse lande 'n baie belangrike prestige, maar in meer gesekulariseerde samelewings is hulle selde so oorheersend belangrik. (4) Ekonomiese produktiewe rolle is in geïndustrialiseerde samelewings 'n belangrike stratifikasiekriterium. (5) Professionele rolle is dié wat 'n relatief lang opleiding in veralgemeende en gesistematiseerde kennis vereis (1, bl. 31-41).

### 3.2.2 Sekondêre basisse

Cilliers en Joubert omskryf sekondêre basisse as: "... daardie posisies, rolle, kenmerke, prestasies en fasiliteite van persone wat nie gelyk gestel kan word aan hulle beroepsrolle nie, hoewel dit direk 'n vereiste, bevorderlik vir, of 'n gevolg van die beroepsrol kan wees" (13, bl. 273).

Die volgende is die belangrikste sekondêre kriteria:

(1) Rykdom in geld en besittings. Barber verklaar dat rykdom die gevolg is van 'n hoë stratifikasieposisie en dat die belangrikheid van rykdom as 'n basis vir evaluasie in moderne geïndustrialiseerde samelewings klaarblyklik besig is om af te neem, want 'n persoon kan in 'n al hoe groter mate 'n hoë stratifikasieposisie beklee (op grond van sy beroepsrol) sonder 'n baie hoë inkomste en met geen geakkumuleerde rykdom (1, bl. 41-44).

(2) Afkoms en familieverband. Wanneer 'n persoon gebore is in 'n gesin met 'n hoë sosiale status of verwant is aan 'n familie met 'n hoë sosiale status, het hy 'n voorsprong ten opsigte van sosiale status, maar hierdie toegeskrewe status is geen waarborg dat hy uiteindelik 'n hoë stratifikasieposisie sal beklee nie (1, bl. 45-46).

(3) Persoonlike kwaliteite soos dapperheid, eerlikheid en volharding is sekondêre kriteria wat in byna alle stratifikasiesisteme aangetref word, maar op sigself regverdig hulle nie 'n hoë stratifikasieposisie nie (1, bl. 46).

(4) Gemeenskapsaktiwiteite : Deelname aan vrywillige gemeenskapsaktiwiteite soos welsynsorganisasies, liefdadigheidsorganisasies en sportorganisasies, kan aansien aan persone gee. In hierdie verband skryf Barber egter: "Voluntary participation in community activities is in some cases a useful means to a slightly higher stratificational position, in other cases a consequence of high ranking, but it is not in itself a basic determinant of stratificational ranking" (1, bl. 47).

(5) Ras en etniese verband. In 'n rassies en etnies heterogene samelewing waar kleur- en kulturele verskille bestaan, kan dit aanleiding gee tot

differensiële en diskriminerende optrede, met ander woorde die verskille dien dan as basis vir sosiale evaluasie (13, bl. 275).

### 3 INDIKATORE VAN SOSIALE STATUS

Onderskeibaar van, maar tog in onmiddellike verband met die basisse van sosiale evaluasie is die indikatore van sosiale status. Hieromtrent skryf Cilliers en Joubert as volg: "Indikatore van maatskaplike status is relatief maklik waarneembare werklikheidsaspekte soos persoonlike kenmerke, maatskaplike handeling en prestasies en kulturele items wat mense gebruik as aanduidings van ander mense se (en hul eie) klasposisie. Indikatore van maatskaplike status is die antwoord op die vraag: watter spesifieke faktore word in ag geneem wanneer sekere persone maatskaplik aanvaar en ander maatskaplik nie aanvaar word nie? 'n Indikator van maatskaplike status is dus 'n praktiese maatstaf van maatskaplike status of klasposisie wat mense alledaags bewus of onbewus gebruik in hulle maatskaplike evaluasie van ander "(13, bl. 285).

Daar is veral drie indikatore wat onderskei kan word, te wete eerstens verbale evaluasies, tweedens patrone van assosiasie en derdens aktiwiteite en besittings wat simbolies van 'n besondere klasposisie is.

#### 3.3.1 Verbale evaluasies

Die mees algemene vorm van verbale evaluasies is dié wat aangetref word in mense se alledaagse gesprekke. Dit kan eksplisiet wees soos byvoorbeeld: "Hulle is darem nie ons klas nie", of implisiet soos byvoorbeeld: "Hulle woon in ..." (n voorstad).

Sosiaal-wetenskaplikes sou aan mense kon vra wat hulle as indikatore van status gebruik. So byvoorbeeld het Van Zyl in sy reeds aangehaalde ondersoek die volgende drie vrae gestel: (1) Wat is die belangrikste opsig waarin die klasse wat u onderskei het, van mekaar verskil? (2) Wanneer iemand se status of aansien bepaal word, wat dink u is die belangrikste wat in ag geneem word? (3) Aan welke van die volgende (12) dinge word vandag waarde geheg by die toekenning van aansien of status? (85, bl.212).

Benewens vrae oor wat as indikatore van status genoem word, kan navorsers ook van beoordelaars wat 'n gemeenskap goed ken, gebruik maak om lede van die betrokke gemeenskap met behulp van die tegniek van verbale evaluasies in verskillende klasse in te deel. In die VSA het Warner en Lunt na wie se werk reeds voorheen verwys is, die tegniek van verbale evaluasies met groot sukses toegepas onder andere in hul "Yankee City"-ondersoek, terwyl Van der Merwe in sy reeds genoemde ondersoek onder die Kleurlingbevolking van Stellenbosch ook van dieselfde tegniek gebruik gemaak het.

Hoewel hierdie tegniek sekere tekortkomings het, soos byvoorbeeld dat dit slegs met vrag gebruik kan word in relatief klein gemeenskappe waar die inwoners goed aan mekaar bekend is, is dit beslis nie waardeloos nie. In hierdie opsig verklaar Barber die volgende: "In sum, there are certain generic and certain peculiar limitations of total class status ratings as a form of verbal evaluation and as an indicator of social class position. Nevertheless ... our conclusion must be that this indicator gives a good though still improvable picture of the way in which people are placed in the social stratification system. ... It is at its best in the study of smaller local communities ..." (1, bl. 119).

Naas die gebruik van beoordelaars in navorsing, kan die respondente ook gevra word om die sosiale klas waarin hulle meen dat hulleself val, te identifiseer, soos wat Centers in sy reeds genoemde studie gedoen het.

In die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk is dit duidelik gestel dat die beroepsrol die primêre basis van sosiale evaluasie is, gevolglik kan verbale evaluasies oor die differensiële status van beroepe ook 'n goeie indikator van sosiale status wees. In hierdie verband kan die beroepsprestigeskaal wat gedurende 1946/47 in die VSA ontwikkel is deur die National Opinion Research Centre en die sosiaal-wetenskaplikes C.C North en P.K. Hatt en wat reeds in die vorige hoofstuk bespreek is, as voorbeeld genoem word (27, bl. 54-57).

Gedurende 1956 het Inkeles en Rossi die NORC-North-Hatt-skaal vergelyk met beroepsprestigeskaale opgestel in ses ander moderne geïndustrialiseerde samelewings, te wete Groot-Brittanje, Rusland, Japan, Nieu-Seeland en Duitsland. Hoë korrelasies is gevind - twaalf van die vyftien korrelasie-koëffisiënte was groter as 0,9 en slegs een laer as 0,8. Die ondersoekers het dan ook tot die volgende gevolgtrekking gekom: "... despite the heterogeneity in research design, there exists among the six nations a marked degree of agreement on the relative prestige of matched occupations" (57, bl. 333).

Gedurende 1963 het Hodge, Siegel en Rossi die 90 beroepe van die NORC-North-Hatt-skaal aan 651 respondente voorgelê met die versoek om elkeen weer volgens 'n vyfpunt skaal te beoordeel. Nadat hierdie beoordelings met dié van die 1947 studie vergelyk is, kom die skrywers tot die volgende gevolgtrekking: "Between 1947 and 1963 ... occupational morphology, at least in so far as prestige is concerned, remained remarkably stable" (54, bl. 302).

Wat Suid-Afrika betref, onderneem die Instituut vir Sosiale Navorsing van die Universiteit van Natal tans 'n studie in verband met beroepsprestige onder Blankes in Suid-Afrika. Die oogmerk is om sekere Amerikaanse en Britse teorieë in verband met sosiale stratifikasie en beroepsprestige in die Suid-Afrikaanse situasie te toets (82, bl. 30).

### 3.3.2 Patrone van assosiasie

Wanneer patrone van assosiasie as indikator van sosiale status gebruik word, word van die veronderstelling uitgegaan dat 'n persoon slegs intiem sal assosieer met iemand van min of meer gelyke sosiale status. In die woorde van Barber: "The assumption underlying the use of the interactional indicator of social class position is that social intimacy is expressive of social equality. The assumption rests on the fact that the kind of interchange of sentiments and ideas that goes on in intimate association is possible only among people who know each other well and who value each other equally. It is, in other words, possible only among social class equals ..." (1, bl. 122).

Die intieme assosiasies waarvan hier sprake is, sluit onder andere die volgende in: wederkerige besoeke en onthaaluitnodigings, saam eet, lidmaatskap van dieselfde klubs en vriendekringe, hofmakery en meer spesifiek, huwelike.

In alle samelewings bestaan die neiging om nie slegs huwelike tussen persone van verskillende sosiale klasse af te keur nie, maar ook alle sosiale verhoudings tussen hulle wat moontlik tot 'n huwelik kan lei, met die gevolg dat huwelike dus meesal tussen persone van dieselfde sosiale klas plaasvind. In hierdie opsig is die bevinding van Hollingshead besonder insiggewend. Hy het 1 008 egpare wat gedurende 1948 getroud is en van wie die ouers aan albei kante in New Haven, VSA gewoon het, by die ondersoek betrek. Nadat hy die 2 016 gesinne van oorsprong in ses sosiale klasse ingedeel het, kom hy tot die volgende gevolgtrekking: "In 587 of the 1 008 marriages or 58,2 per cent ... both partners came from the same class of residential area. When those that involved a partner from an adjacent class area were added to the first group, the figure was raised to 82,8 per cent of all marriages" (55, bl. 625).

Terwyl patrone van assosiasie 'n geldige indikator is van sosiale status, is dit egter nodig om hierdie assosiasies verder te ontleed veral ten opsigte van die frekwensie en die besondere omstandighede waaronder dit plaasvind. In hierdie verband moet onthou word dat selfs relatief intieme assosiasies soos seksverhoudinge nie sonder meer bewys is van sosiale gelykheid nie, terwyl daar meesal tussen gesinne van prokreasie en oriëntasie 'n intieme assosiasie bestaan ten spyte daarvan dat eersgenoemde dikwels in 'n hoër sosiale klas val as laasgenoemde (22, bl. 474).

### 3.3.3 Aktiwiteite en besittings simbolies van sosiale status

Die aktiwiteite en besittings wat simbolies van sosiale status is, vorm deel van die lewenstyl wat reeds in die vorige hoofstuk bespreek is en gevolglik nie nou weer aandag sal ontvang nie.

Dit is egter nodig om daarop te wys dat die sosiale evaluasie van 'n persoon deur gebruikmaking van simboliese indikatore nie 'n enkele handeling is nie, maar wel 'n proses waarin verskeie simboliese indikatore gebruik word. Wanneer 'n hele aantal simboliese indikatore aangewend word, is die eventuele klasplasing van 'n persoon uit die aard van die saak veel meer akkuraat as wanneer slegs een indikator gebruik word. In die woorde van Barber: "The process of social class identification, then, is like a series of hypotheses that the individual tests against all the available symbolic evidence, concluding with some final decision about a social class position. This final decision is much more likely to be correct than the first inference made on the basis of only a single piece of symbolic evidence" (1, bl. 167).

## 3.4 INDEKSE VAN SOSIALE STATUS

In die vorige afdeling is dit duidelik gestel dat 'n indikator van sosiale status 'n praktiese maatstaf is wat mense alledaags bewus of onbewus gebruik in hul sosiale evaluasie van ander. Hoewel enersyds maklik toepasbaar, het die drie indikatore wat bespreek is andersyds sekere tekortkominge sodat hulle nie in wetenskaplike navorsing gebruik kan word nie. In navorsing waar sosiale status as 'n veranderlike gebruik word, is 'n indikator nodig wat aan vier vereistes moet voldoen: eerstens moet dit 'n gestandaardiseerde indikator wees, tweedens moet dit betroubaar wees, derdens moet dit op 'n skaalbeginsel werk en vierdens moet dit ekonomies wees. 'n Indikator wat aan hierdie vier vereistes voldoen, staan bekend as 'n indeks (1, bl. 168-169).

Die ontwikkeling van indekse wat gebruik kan word om sosiale status te bepaal, is relatief jonk; nogtans is 'n hele aantal indekse reeds ontwikkel, hoofsaaklik in die VSA.

Sommige van die indekse wat tot dusver ontwikkel is, is slegs op een item gebaseer, terwyl andere weer 'n hele aantal items as basis het.

Vervolgens sal enkele van hierdie indekse kortliks bespreek word.

### 3.4.1 Enkelitemindekse

By die ontwikkeling van indekse wat slegs op een item gebaseer is, word hoofsaaklik van beroepstatus gebruik gemaak. In hierdie verband skryf Barber as volg: "In contemporary industrial society, the single item most commonly used for social class indices is occupational position. Occupational indices are useful because, ... practically all of the relatively full-time, functionally significant social roles that are the criteria of social evaluation are defined as 'jobs', that is, as positions in a single occupational sphere" (1, bl. 171).

Reissman sluit hierby aan as hy verklaar: "Occupation has become the most frequently used index of class" (28, bl. 144).

Ook Bloom is dieselfde mening toegedaan. Hy skryf naamlik: "In research on social stratification, it has been found that the most consistently valid index of social class is occupation" (5, bl. 107).

Hierdie standpunt ontvang ook steun van die kant van Hatt (53, bl. 533-543).

Reeds teen die einde van die vorige eeu (1897) het William C. Hunt wat in diens van die Buro vir Sensus in die VSA was, alle ekonomies bedrywige persone in vier kategorieë ingedeel naamlik: die eienaarsklas, die klerklike klas, geskoolde werkers en arbeiders. Oor hierdie indeling sê Caplow die volgende: "This may be regarded as the first of a long series of socio-economic occupational scales, designed to show the distribution of general status for the entire population in terms of occupational groups" (9, bl. 31).

Die werk van Hunt is voortgesit deur andere en het gekulmineer in die klassifikasie wat Alba Edwards, ook verbonde aan die Buro vir Sensus, gemaak het vir gebruik in die 1940- en 1950-sensusse. Edwards se beroepsindeks sien soos volg daar uit:

1. Professionele persone
2. Eienaars, bestuurders en amptenare
  - (a) Boere (eienaars en huurders)
  - (b) Groothandelaars en kleinhandelaars
  - (c) Ander eienaars, bestuurders en amptenare
3. Klerke en verwante werkers
4. Geskoolde werkers en voormanne
5. Halfgeskoolde werkers
6. Ongeskoolde werkers
  - (a) Plaasarbeiders
  - (b) Ander arbeiders uitgeslote plaasarbeiders
  - (c) Bediendes.

Aansluitend by hierdie beroepsindeks verklaar Edwards dan ook dat elkeen van die ses beroepsgroepe 'n duidelik-onderskeibare sosio-ekonomiese groep is (1, bl. 172-173).

Ook vir die doeleindes van opvoedkundige navorsing is 'n beroepsindeks ontwikkel. Dit staan bekend as die "Minnesota Occupational Scale", ontwikkel deur Goodenough en Anderson en sedertdien verbeter deur hul studente. Die 1931-vorm van hierdie skaal sien soos volg daar uit:

1. Professionele groep
2. Semiprofessionele en bestuursberoepes
3. Klerke, geskoolde ambagsmanne en kleinhandelaars
4. Boere
5. Halfgeskoolde beroepes, ondergeskikte klerklike beroepes en ondergeskikte besigheidsberoepes
6. Effensgeskoolde beroepes en beroepes wat min opleiding vereis
7. Dagarbeiders.

Hierdie beroepsindeks kom in breë trekke ooreen met dié van Edwards (1, bl. 173).

'n Derde beroepsindeks wat genoem kan word, is dié van Centers waar die volgende indelings gebruik word:

- (1) Persone betrokke by groot sakeondernemings
- (2) Professionele persone
- (3) Persone betrokke by klein sakeondernemings
- (4) Witboordjiewerkers
- (5) Plaaseienaars en plaasbestuurders
- (6) Geskoolde werkers en voormanne
- (7) Persone wat plase huur
- (8) Halfgeskoolde werkers
- (9) Ongeskoolde werkers en plaasarbeiders (10, bl. 51).

Hierdie drie indekse openbaar egter 'n groot gemeenskaplike leemte - hulle is deur individue opgestel slegs op grond van die opstellers se eie beoordeling van die beroepsgroepe.

'n Verbetering op hierdie drie beroepsindekse is dié waar van meer as een beordelaar gebruik gemaak is. So byvoorbeeld het Anderson gedurende 1929 van 673 studente gebruik gemaak om 25 beroepe te beoordeel en in rangorde te plaas (37, bl. 435-465), terwyl Smith enkele jare later 345 studente gebruik het om 100 verskillende beroepe te beoordeel (77, bl. 185-192).

'n Verdere verbetering was die ontwikkeling van die NORC-North-Hatt-beroepprestigeskaal wat alreeds in 'n vorige afdeling bespreek is. Daar sal onthou word dat 2 920 respondente versoek is om 90 verskillende beroepe te beoordeel. Die titels van die beroepe was egter nie altyd spesifiek genoeg nie en verder het die 90 beroepe nie alle beroepe ingesluit wat in daardie stadium in die VSA beoefen kon word nie.

#### 3.4.2 Veelvoudindekse

Indekse gebaseer op meer as een item is uit die aard van die saak duurder as dié waar slegs van een item gebruik gemaak word, maar terselfdertyd is hulle geldigheid ook groter.

Die bekendste sosiale statusindeks wat van meer as een item gebruik maak, is dié van Warner en sy medewerkers, opgestel op grond van hul studie van Jonesville (33, bl. 121-230). Warner het met ses items vir sy indeks begin, te wete: beroep, grootte van inkomste, bron van inkomste, tipe woning, residensiële area en die hoeveelheid onderwys en opleiding. Vir elkeen van hierdie ses items het hy 'n sewepuntskaal ontwikkel. Hy het ongelyke gewigte aan die ses items toegeken omdat hulle nie almal as ewe belangrike indikatore van sosiale status beskou is nie. So byvoorbeeld is aan beroep 'n gewig van 4 toegeken, aan bron van inkomste 'n gewig van 3 en aan residensiële area 'n gewig van 2. Deur aan 'n persoon op elk van die ses sewepuntskale 'n telling te gee en hierdie tellings te vermenigvuldig met die gewig van die item, kon 'n indeks-telling van sosiale status bereken word. Hierdie indekstelling het Warner "Index of Status Characteristics" genoem.

Vervolgens het Warner die sosiale status van 'n groep persone in Jonesville bepaal enersyds deur middel van die I.S.C. en andersyds met behulp van die tegniek van verbale evaluasies, hul patrone van assosiasie asook aktiwiteite en besittings wat simbolies van status is. 'n Vergelyking van die twee stellingresultate het 'n baie hoë korrelasie aangedui.

Warner het die I.S.C. later vereenvoudig en twee items, te wete grootte van inkomste en hoeveelheid onderwys weggelaat omdat die vier oorblywende items gesamentlik 'n genoegsaam geldige en betroubare indeks was.

Hatt het sedertdien voorgestel dat nog twee items, naamlik tipe woning en residensiële area weggelaat word en dat 'n nuwe item, die belastingswaarde

van die woning, "ingebou" word sodat die I.S.C. dan uit drie items saamgestel is (53, bl. 533-543).

'n Ander indeks wat kortliks bespreek sal word, is dié bekend as "Chapin's Living Room Scale", wat gebaseer is op aktiwiteite en besittings wat simbolies van sosiale klas is. Hy het vier skale opgestel om die betrokke aktiwiteite en besittings te meet. Die eerste skaal het kulturele toerusting gemeet, die tweede skaal inkomste, die derde skaal materiële besittings en die vierde skaal deelname aan groepsaktiwiteite van die gemeenskap. Nadat Chapin die resultate van die vier afsonderlike skale vergelyk het, het hy tot die gevolgtrekking geraak dat die uitrusting wat in die woonkamer aangetref word, as indeks van sosiale status gebruik kon word, en gevolglik het hy toe dan ook 'n gedetailleerde skaal opgestel om dit te meet. Hierdie finale skaal bestaan uit twee dele: deel een handel oor die aan- of afwesigheid van artikels soos 'n radio, boekrak met boeke, 'n mat en tydskrifte, terwyl deel twee die toestand van die artikels meet (1, bl. 180-182).

Hierdie skaal van Chapin was nie juis baie geslaagd nie, en Barber sê daaromtrent die volgende: "Perhaps because of its need for continual revision and because of the greater ease of using an occupational index, the Living Room Scale has been little used in recent research on social stratification" (1, bl. 183).

Een van die mees resente indekse wat ontwikkel is om status te meet, is dié bekend as die "Hollingshead Two Factor Index of Social Position". Hierdie indeks is gebaseer op twee items, naamlik beroep van vader en onderwyspeil van vader. Aan elkeen van hierdie items word dan 'n sekere gewig toegeken (19, bl. 99-100).

'n Verdere indeks wat melding verdien, is dié een opgestel deur die Amerikaanse Buro vir Sensus vir gebruik tydens die 1960-sensus. Hierdie skaal is gebaseer op drie items, te wete, beroep, inkomste en onderwyspeil (83, bl. 1).

Aangesien hierdie skaal as basis gebruik sal word om in die volgende hoofstuk 'n indeks van sosiale status vir gebruik in Suid-Afrika te ontwikkel, sal dit nie nou verder bespreek word nie.

## HOOFSTUK 4

### DIE ONTWIKKELING VAN 'N INDEKS VAN SOSIALE STATUS

#### 4.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk word uitsluitlik gewy aan die ontwikkeling van 'n indeks van sosiale status vir gebruik ten opsigte van Blankes in Suid-Afrika.

#### 4.2 ONTWIKKELING VAN DIE INDEKS

Tydens die beplanning van die huidige ondersoek is besluit om die beroep van die vaders van die respondente as indeks van die sosiale status van die gesin te gebruik. Daar is egter besluit om nie enige van die enkelitemindekse, gebaseer op beroep, wat reeds bespreek is, te gebruik nie, omdat die betrokke indekse in die VSA ontwikkel is onder omstandighede wat na alle waarskynlikheid nie heeltemal vergelykbaar is met dié hier te lande nie, en ook omdat by die ontwikkeling van die indekse gebruik gemaak is van beoordelaars.

Om hierdie subjektiewe faktor uit te skakel, is besluit om 'n enkelitemindeks gebaseer op beroep te ontwikkel vir Blankes in die Republiek op voorbeeld van die indeks opgestel deur die Amerikaanse Buro vir Sensus waarvan in die vorige hoofstuk melding gemaak is (83, bl. 1).

Die eerste stap in die konstruksie van 'n beroepsindeks was om die beroepe waarvan gebruik gemaak word (in hierdie geval die hoofberoepsgroepe) te rangskik volgens hul relatiewe status; met ander woorde 'n beroepstatushiërargie moes eers opgestel word. Indien onderwyspeil byvoorbeeld as indeks gebruik sou word, is die statushiërargie voor-die-hand-liggend, want 'n persoon wat oor 'n universiteitsgraad beskik, het tog immers 'n hoër onderwyspeilstatus as iemand wat slegs oor laerskoolkwalifikasies beskik.

Een manier om 'n beroepstatushiërargie op te stel, is om van beoordelaars gebruik te maak, maar aan die begin van hierdie hoofstuk is dit reeds duidelik gestel dat die subjektiewe element wat hierdeur intree, baie hoog is, gevolglik is dit raadsaam om nie van so 'n tegniek gebruik te maak nie.

In die vorige hoofstuk is ook reeds daarop gewys dat beroepstatus bepaal word deur onder andere geldelike beloning, met ander woorde die inkomste verbonde aan die beoefening van die beroep, en kennis, wat weer hoog korreleer met die tydperk van formele onderwys en opleiding, met ander woorde die hoeveelheid opleiding wat nodig is ten einde die beroep te beoefen. Dit is dus verkieslik om 'n tegniek wat hierdie interafhanklikheid in aanmerking neem, te gebruik by die opstel van die beroepstatushiërargie. So 'n tegniek is ontwikkel deur die Amerikaanse Buro vir Sensus en is - met enkele wysigings - as voorbeeld gebruik.

Om die beroepstatushiërargie op te stel, is as volg te werk gegaan: Eers is 'n kumulatiewe onderwyspeilpunt bereken met behulp van die kumulatiewe persentasieverspreiding van die totale getal Blanke ekonomies bedrywige mans in die Republiek volgens onderwyspeil soos in 1960\*. (Die voorskrif ten opsigte van die Amerikaanse model lui dat die kumulatiewe persentasieverspreiding van die hoofontvangers van inkomste in gesinne volgens onderwyspeil gebruik moet word. Die Buro vir Statistiek beskik egter nie oor sodanige inligting nie. Dit kan egter aanvaar word dat ekonomies bedrywige mans, behalwe vir enkele uitsonderings, ook die hoofontvangers van inkomste in gesinne sal wees.)

---

\*Hierdie is die jongste inligting waarvoor die Buro vir Statistiek tans beskik.

Die kumulatiewe punt toegeken aan elke onderwyspeilkategorie was die middeelpunt van die kumulatiewe persentasie-interval vir daardie kategorie. Met ander woorde, die kumulatiewe onderwyspeilpunt toegeken aan n besondere onderwyspeilkategorie was dus die kumulatiewe persentasie van die voorafgaande onderwyspeilkategorie plus die helfte van die persentasie van die betrokke onderwyspeilkategorie. Die syfer wat aldus bereken is, is vervolgens afgerond tot die naaste vol getal. Die kumulatiewe onderwyspeilpunt vir byvoorbeeld die onderwyspeilkategorie st.6 of 7 met of sonder sertifikaat is dus soos volg bereken:

$$7,4 + \frac{36,7}{2} = 25,75; \text{ afgerond tot } 26.$$

Die berekende kumulatiewe onderwyspeilpunte word in tabel 4.1 weergegee.

TABEL 4.1

KUMULATIEWE ONDERWYSPEILPUNT VIR BLANKE EKONOMIES BEDRYWIGE MANS IN DIE REPUBLIEK, 1960

Onderwyspeil	Getal*	Persentasie	Kumulatiewe persentasie	Kumulatiewe onderwyspeilpunt
Geen	7961	1,0	1,0	1
St. 3 of laer	12029	1,4	2,4	2
St. 4 of 5	42316	5,0	7,4	5
St. 6 of 7 met of sonder sertifikaat	308735	36,7	44,1	26
St. 8 of 9 met of sonder sertifikaat	229951	27,4	71,5	58
St. 10	124497	14,8	86,3	79
St. 10 met diploma	62113	7,4	93,7	90
Baccalaureusgraad met of sonder diploma	43775	5,2	98,9	96
Meestersgraad met of sonder diploma	5733	0,7	99,6	99
Doktorsgraad met of sonder diploma	3015	0,4	100,0	100
TOTAAL	840125	100,0		

\*Hierdie gegewens is verkry uit: Suid-Afrika (Republiek). Buro vir Statistiek. Bevolkingsensus 6 September 1960, Pretoria, Staatsdrukker, 1967, boekdeel 4, p. 41-42 (78).

Vervolgens is 'n kumulatiewe inkomstepunt bereken met behulp van die kumulatiewe persentasieverspreiding van die totale getal Blanke ekonomies bedrywige mans in die Republiek volgens inkomste soos in 1960<sup>1)</sup>. (Die voorskrif ten opsigte van die Amerikaanse model lui dat die kumulatiewe persentasiever spreiding van die hoofontvangers van inkomste volgens gesinsinkomste gebruik moet word, maar sodanige inligting was nie by die Buro vir Statistiek beskikbaar nie.)

Die kumulatiewe punt toegeken aan elke inkomstekategorie was die middelpunt van die kumulatiewe persentasie-interval vir daardie kategorie.

Die berekende kumulatiewe inkomstepunte word in tabel 4.2 weergegee.

<sup>1)</sup> Die inligting is die jongste waaroor die Buro vir Statistiek tans beskik.

TABEL 4.2

KUMULATIEWE INKOMSTEPUNT VIR BLANKE EKONOMIES BEDRYWIGE MANS IN DIE REPUBLIEK, 1960

Inkomste per jaar	Getal*	Persentasie	Kumulatiewe persentasie	Kumulatiewe inkomstepunt
Geen	26249	3,1	3,1	2
R1 - R399	39239	4,6	7,7	5
R400 - R799	81046	9,6	17,3	13
R800 - R1 199	92194	10,9	28,2	23
R1 200 - R1 599	111975	13,2	41,4	35
R1 600 - R1 999	149508	17,6	59,0	50
R2 000 - R2 999	209658	24,7	83,7	71
R3 000 - R3 999	63405	7,5	91,2	87
R4 000 - R5 999	44207	5,2	96,4	94
R6 000 en meer	30219	3,6	100,0	98
TOTAAL	847700	100,0		

\*Hierdie gegewens is verkry uit: Suid-Afrika (Republiek). Buro vir Statistiek. Bevolkingsensus 6 September 1960. Pretoria, Staatsdrukker, 1967, boekdeel 5, p. 2-4 (79).

Hierna is vir elke hoofberoepsgroep 'n gemiddelde onderwyspeilpunt bereken deur as volg te werk te gaan:

- (1) Aan elke onderwyspeilkategorie is die ooreenstemmende kumulatiewe onderwyspeilpunt soos weergegee in tabel 4.1, toegeken;
- (2) daarna is die getal persone in elke onderwyspeilkategorie vermenigvuldig met die betrokke toegekende kumulatiewe onderwyspeilpunt;
- (3) hierna is die totaal van die berekeninge uitgevoer in (2) gedeel deur die getal persone in die betrokke hoofberoepsgroep.

Die formule wat gebruik is by die berekening van die gemiddelde onderwyspeilpunt kan dus nou as volg weergegee word:

$$GO = \frac{\sum f_i \times O_i}{\sum f_i}$$

waar GO = gemiddelde onderwyspeilpunt,  
 $f_i$  = frekwensie in elke sel,  
 $O_i$  = kumulatiewe onderwyspeilpunt.

Die berekeninge uitgevoer vir die bepaling van die gemiddelde onderwyspeilpunt per hoofberoepsgroep word in tabel 4.3 aangetoon.

Na berekening van die gemiddelde onderwyspeilpunt is op dieselfde wyse vir elke hoofberoepsgroep ook 'n gemiddelde inkomstepunt bereken.

Die formule wat gebruik is by die berekening van die gemiddelde inkomstepunt kan as volg weergegee word:

$$GI = \frac{\sum (f_i \times I_i)}{\sum f_i}$$

waar GI = gemiddelde inkomstepunt,  
 $f_i$  = frekwensie in elke sel,  
 $I_i$  = kumulatiewe inkomstepunt.

Die berekeninge uitgevoer vir die bepaling van die gemiddelde inkomstepunt per hoofberoepsgroep is in tabel 4.4 vervat.

TABEL 4.3

GEMIDDELDE ONDERWYSPEILPUNT PER HOOFBEROEPSGROEP VAN BLANKE EKONOMIES BEDRYWIGE MANS IN DIE REPUBLIEK, 1960

Onderwyspeil	Professionele, tegniese en verwante werker	Administratiewe, uitvoerende en besturende werker	Klerklike werker	Verkoopswerker	Boer, visser bosbouer en verwante werker	Myn-, steengroef- en verwante werker	Werker in vervoer en kommunikasie	Ambagsman, produksie- en ontspanningswerker	Diens-, sport- en ontspanningswerker	Ander
Geen	*56X1 (56)**	248X1 (248)	138X1 (138)	589X1 (589)	3134X1 (3134)	122X1 (122)	198X1 (198)	1257X1 (1257)	268X1 (268)	1951X1 (1951)
St. 3 of laer	36X2 (72)	318X2 (636)	187X2 (374)	573X2 (1146)	5525X2 (11050)	234X2 (468)	630X2 (1260)	3358X2 (6716)	549X2 (1098)	619X2 (1238)
St. 4 of 5	140X5 (700)	1115X5 (5575)	979X5 (4895)	2073X5 (10365)	13491X5 (67455)	1321X5 (6605)	3788X5 (18940)	15767X5 (78835)	1926X5 (9630)	1716X5 (8580)
St. 6 of 7 met of sonder sertifikaat	4102X26 (106652)	10390X26 (270140)	21570X26 (560820)	17109X26 (444834)	46024X26 (1196624)	15931X26 (414205)	43626X26 (1134276)	122734X26 (3191084)	19761X26 (513785)	7488X26 (194688)
St. 8 of 9 met of sonder sertifikaat	9186X58 (532788)	14008X58 (812464)	46832X58 (2716255)	18818X58 (1091444)	23316X58 (1352328)	9193X58 (533194)	12180X58 (706440)	80284X58 (4656472)	13558X58 (786364)	2576X58 (149408)
St. 10	10444X79 (825076)	15495X79 (1224105)	42934X79 (3391786)	15486X79 (1223394)	15555X79 (1228845)	2903X79 (229337)	2097X79 (165663)	13649X79 (1078271)	4990X79 (394210)	944X79 (74576)
St. 10 met diploma	25194X90 (2267460)	5744X90 (516960)	10400X90 (936000)	3037X90 (273330)	3361X90 (302490)	1032X90 (92880)	532X90 (47880)	11953X90 (1075770)	727X90 (65430)	133X90 (11970)
Baccalaureusgraad met of sonder diploma	28474X96 (2733504)	3551X96 (340896)	6488X96 (622848)	1675X96 (160800)	2223X96 (213408)	225X96 (21600)	143X96 (13728)	513X96 (49248)	345X96 (33120)	138X96 (13248)
Meestersgraad met of sonder diploma	4425X99 (438075)	488X99 (48312)	442X99 (43758)	87X99 (8613)	194X99 (19206)	9X99 (891)	5X99 (495)	38X99 (3762)	34X99 (3366)	11X99 (1089)
Doktorsgraad met of sonder diploma	2501X100 (250100)	266X100 (26600)	99X100 (9900)	53X100 (5300)	60X100 (6000)	1X100 (100)	5X100 (500)	19X100 (1900)	7X100 (700)	4X100 (400)
GEMIDDELDE ONDERWYSPEIL= PUNT	<u>7154483</u> 84558 = 84,6	<u>3245936</u> 51623 = 62,9	<u>8286775</u> 130069 = 63,7	<u>3219815</u> 59500 = 54,1	<u>4400540</u> 112883 = 39,0	<u>1299403</u> 30971 = 41,9	<u>2089380</u> 63204 = 33,1	<u>10143315</u> 249572 = 40,6	<u>1807972</u> 42165 = 42,9	<u>457148</u> 15580 = 29,3

\* Die getal persone in elke onderwyspeilkategorie van elke hoofberoepsgroep is verkry uit: Suid-Afrika (Republiek). Buro vir Statistiek. Bevolkingsensus 6 September 1960, Pretoria, Staatsdrukker, 1967, boekdeel 4, p. 41-2 (78).

\*\* Die getal wat in elke sel tussen hakies aangedui is, is die produk van die berekeninge uitgevoer in die betrokke sel.

TABEL 4.4

GEMIDDELDE INKOMSTEPUNT PER HOOFBEROEPSGROEP VAN BLANKE EKONOMIES BEDRYWIGE MANS IN DIE REPUBLIEK, 1960

Inkomste per jaar	Professionele, tegniese en verwante werker	Administratiewe, uitvoerende en bestuurswerkers	Klerklike werker	Verkoopswerker	Boer, visser bosbouwer en verwante werker	Myn-, steengroef- en verwante werker	Werker in vervoer en kommunikasie	Ambagsman, produksiewerker en arbeider	Diens-, sport- en ontspanningswerker	Ander
Geen	*956X2 (1912)**	196X2 (392)	1271X2 (2542)	692X2 (1384)	5060X2 (10120)	537X2 (1074)	959X2 (1918)	4705X2 (9410)	466X2 (932)	11407X2 (22814)
R1 - R 399	2025X5 (10125)	452X5 (2260)	3064X5 (15320)	1712X5 (8560)	13107X5 (65535)	645X5 (3225)	2065X5 (10325)	12312X5 (61560)	2098X5 (10490)	1759X5 (8795)
R400 - R 799	3810X13 (49530)	1233X13 (16029)	11623X13 (151099)	4019X13 (52247)	18107X13 (235391)	1606X13 (20878)	6732X13 (87516)	26534X13 (344942)	6109X13 (79417)	1273X13 (16549)
R800 - R1 199	4466X23 (102718)	1755X23 (40365)	18292X23 (420716)	5198X23 (119554)	15051X23 (346173)	1328X23 (30544)	10265X23 (236095)	27847X23 (640481)	7223X23 (166129)	769X23 (17687)
R1 200 - R1 599	6114X35 (213990)	3128X35 (109480)	19828X35 (693980)	7580X35 (265300)	10765X35 (376775)	2674X35 (93590)	14055X35 (491925)	39437X35 (1380295)	7877X35 (275695)	517X35 (18095)
R1 600 - R1 999	8712X50 (435600)	4670X50 (233500)	25454X50 (1272700)	8798X50 (439900)	9547X50 (477350)	4915X50 (245750)	13636X50 (681800)	62526X50 (3126300)	10844X50 (542200)	406X50 (20300)
R2 000 - R2 999	25139X71 (1784869)	12421X71 (881891)	37899X71 (2690829)	17101X71 (1214171)	14487X71 (1028577)	13191X71 (936561)	13844X71 (982924)	68845X71 (4887995)	6446X71 (457666)	285X71 (20235)
R3 000 - R3 999	16012X87 (1393044)	9334X87 (812058)	9134X87 (794658)	7310X87 (635970)	7616X87 (662592)	4576X87 (398112)	1170X87 (101790)	7279X87 (633273)	885X87 (76995)	89X87 (7743)
R4 000 - R5 999	11198X94 (1052612)	10940X94 (1028360)	3427X94 (322138)	5633X94 (529502)	9162X94 (861228)	1317X94 (123798)	242X94 (22748)	1825X94 (171550)	367X94 (34498)	96X94 (9024)
R6 000 of meer	6728X98 (659344)	9118X98 (893564)	676X98 (66248)	3022X98 (296156)	9608X98 (941584)	302X98 (29596)	79X98 (7742)	522X98 (51156)	107X98 (10486)	57X98 (5586)
GEMIDDELDE INKOM= STEPUNT	<u>5703744</u> 85160 = 67,0	<u>4017899</u> 53247 = 75,4	<u>6430230</u> 130668 = 49,2	<u>3562744</u> 61065 = 58,3	<u>5005325</u> 112510 = 44,5	<u>1883128</u> 31091 = 60,6	<u>2624783</u> 63047 = 41,6	<u>11306962</u> 251832 = 44,9	<u>1654508</u> 42422 = 39,0	<u>146828</u> 16658 = 8,8

\* Die getal persone in elke inkomstekategorie van elke hoofberoepsgroep is verkry uit: Suid-Afrika (Republiek). Buro vir Statistiek. Bevolkingsensus 6 September 1960, Pretoria, Staatsdrukker 1967, boekdeel 5, p. 2-4 (79).

\*\* Die getal wat by elke sel tussen hakies aangedui is, is die produk van die berekeninge uitgevoer in die betrokke sel.

Vervolgens is ten opsigte van elke hoofberoepsgroep die gemiddelde onderwyspeilpunt soos aangetoon in tabel 4.3 en die gemiddelde inkomstepunt soos aangetoon in tabel 4.4 bymekaargetel en deur twee gedeel sodat uiteindelik aan elke hoofberoepsgroep slegs een punt toegeken is. Deur hierdie berekening is aan onderwyspeil en inkomste gelyke gewigte toegeken by die bepaling van die beroepsstatushiërargie. Op grond van hierdie punt is die hoofberoepsgroepe toe hiërargies gerangskik ten opsigte van status. Hierdie statushiërargie word in tabel 4.5 aangetoon. Aangesien dit volgens die punt wat aan elke hoofberoepsgroep toegeken is en wat in tabel 4.5 weergegee is, geblyk het dat sommige hoofberoepsgroepe weinig van mekaar verskil wat betref status, is besluit om sommige hoofberoepsgroepe saam te groepeer. Die volgende drie groeperings is vervolgens gemaak:

Beroepsgroep A : Professionale, tegniese en verwante werkers + administratiewe, uitvoerende en besturende werkers.

Beroepsgroep B : Klerklike werkers + verkoopswerkers.

Beroepsgroep C : Myn-, steengroef- en verwante werkers + ambagsmanne produksiewerkers en arbeiders + boere, vissers bosbouers en verwante werkers + diens-, sport- en ontspanningswerkers + werkers in vervoer en kommunikasie + ander werkers.

Die hiërargiese orde soos aangetref in tabel 4.5 is behou in hierdie groepering sodat beroepsgroepe A, B en C onderskeidelik die hoogste, middelste en laagste beroepsstatuskategorieë is.

TABEL 4.5

STATUSHIËRARGIE VAN HOOFBEROEPSGROEPE VAN BLANKE EKONOMIES BEDRYWIGE MANS IN DIE REPUBLIEK, 1960

Statushiërargie	Hoofberoepsgroepe	$\frac{G_0+G_1}{2}$	Gemiddelde onderwyspeilpunt + gemiddelde inkomstepunt + 2
Hoogste status	Professionele, tegniese en verwante werker	$\frac{84,6 + 67,0}{2}$	= 75,8
	Administratiewe, uitvoerende en besturende werker	$\frac{62,9 + 75,4}{2}$	= 69,1
	Klerklike werker	$\frac{63,7 + 49,2}{2}$	= 56,4
	Verkoopswerker	$\frac{54,1 + 58,3}{2}$	= 56,2
	Myn-, steengroef- en verwante werker	$\frac{41,9 + 60,6}{2}$	= 51,2
	Ambagsman, produksiewerker en arbeider	$\frac{40,6 + 44,9}{2}$	= 42,7
	Boer, visser, bosbouer en verwante werker	$\frac{39,0 + 44,5}{2}$	= 41,7
	Diens-, sport- en ontspanningswerker	$\frac{42,9 + 39,0}{2}$	= 40,9
	Werker in vervoer en kommunikasie	$\frac{33,1 + 41,6}{2}$	= 37,3
Laagste status	Ander	$\frac{29,3 + 8,8}{2}$	= 19,0

Die gemiddelde beroepsstatuspunt van elk van hierdie drie kategorieë is met inagneming van die grootte van die verskillende beroepsgroepe bereken. Hier-

die gemiddelde beroepsstatuspunte word in tabel 4.6 weergegee en is gebruik as indeks van die sosiale status van die gesinne waaruit die respondente afkomstig is. Dit is opmerklik dat die verskil tussen die lae en gemiddelde statuskategorieë se beroepsstatuspunte (56-41=15) baie na gelyk is aan die verskil tussen die gemiddelde status- en hoë statuskategorieë se beroepsstatuspunte (73-56=17). Dit impliseer dat die drie statuskategorieë (A, B en C) op ongeveer gelyke statusafstande op mekaar volg. Dit is 'n groot verbetering in vergelyking met die beroepsstatuspunte wat in tabel 4.5 verskyn en waar die verskille tussen opeenvolgende beroepe taamlik wissel. Die indeling van die beroepsgroepe in drie statuskategorieë kan dus vir navorsingsdoeleindes as 'n skaal aanvaar word en leen hom dus onder andere tot korrelasieberekeninge.

Vir die navorsing wat in verband met Talentopname gedoen word, word hierdie indeling van beroepe as van groot praktiese betekenis beskou omdat dit hom leen tot die wetenskaplike bepaling van die rol wat die status van 'n gesin waaruit 'n leerling kom in sy skolastiese en/of algemene ontwikkeling speel (kyk doel met Talentopname in hoofstuk 1, paragraaf 1.1 (ii) van hierdie verslag).

TABEL 4.6

BEROEPSTATUSPUNT VIR BLANKE EKONOMIES BEDRYWIGE MANS IN DIE REPUBLIEK, 1960

Statusgroep	Getal*	Persentasie	Beroepsstatuspunt
C (Lae status)	517560	61,1	41
B (Gemiddelde status)	191733	22,6	56
A (Hoë status)	138407	16,3	73
TOTAAL	847700	100,0	

\*Hierdie gegewens is verkry uit: Suid-Afrika (Republiek). Buro vir Statistiek. Bevolkingsensus 6 September 1960, Pretoria, Staatsdrukker, 1967, boekdeel 5, p. 2-4 (79).

Indien die gesinne waaruit die 13 999 respondente afkomstig is, volgens die beroep van die vader in statusgroepe ingedeel word, blyk dit volgens tabel 4.7 dat 18,5 persent in die hoogste statusgroep aangetref word terwyl 13,7 persent in die middelste statusgroep en 67,8 persent in die laagste statusgroep val.

TABEL 4.7

VERDELING VAN DIE GESINNE WAARUIT DIE ONDERSOEKGROEP AFKOMSTIG IS IN SOSIALE STATUSGROEPE

Sosiale statusgroep	Getal	Persentasie
C (Lae status)	9490	67,8
B (Gemiddelde status)	1920	13,7
A (Hoë status)	2589	18,5
TOTAAL	13999	100,0

Wanneer die persentasie gesinne in die ondersoekgroep ingedeel in die drie statusgroepe (tabel 4.7) vergelyk word met die persentasie ekonomies bedrywige mans in die Republiek in elk van die drie statusgroepe (tabel 4.6) blyk daar verskille te wees. Hierdie afwykings kan daaraan toegeskryf word dat die ondersoekgroep slegs bestaan uit Afrikaanssprekende standersesons van wie beide ouers nog leef en wat gedurende hul skoolkwartale by hul ouers inwoon, en hul vaders is dus geensins verteenwoordigend van alle ekonomies bedrywige mans in die Republiek volgens die 1960-sensus nie.

## HOOFSTUK 5

### SEKERE VRYETYDSAKTIWITEITE VAN DIE ONDERSOEGGROEP

#### 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word sekere vryetydsaktiwiteite van die ondersoekgroep onder die loep geneem en daar sal gepoog word om die vraag te beantwoord of daar 'n verband bestaan tussen die status van die seuns se gesinne en die deelname van die seuns aan daardie vryetydsaktiwiteite.

Gerieflikheidshalwe kan die vryetydsaktiwiteite wat in hierdie hoofstuk ontleed sal word, in drie groepe ingedeel word, naamlik: (1) Deelname aan buitemuurse aktiwiteite wat deur die skool aangebied word; (2) Ontvangs van naskoollse lesse; en (3) Beoefening van stokperdjies.

#### 5.2 DEELNAME AAN BUITEMUURSE AKTIWITEITE DEUR DIE SKOOL AANGEBIED

TABEL 5.1

GETAL BUITEMUURSE AKTIWITEITE DEUR DIE SKOOL AANGEBIED WAARAAN DEELGENEEM WORD VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN

Getal buitemuurse aktiwiteite	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie	20	0,2	2	0,1	3	0,1	25	0,2
Geen aktiwiteite	2380	25,2	382	19,9	359	13,9	3121	22,3
Een	2690	28,3	488	25,4	545	21,0	3723	26,6
Twee	2112	22,2	461	24,0	616	23,8	3189	22,8
Drie	1221	12,9	292	15,2	481	18,6	1994	14,2
Vier of meer	1067	11,2	295	15,4	585	22,6	1947	13,9
<b>TOTAAL</b>	<b>9490</b>	<b>100,0</b>	<b>1920</b>	<b>100,0</b>	<b>2589</b>	<b>100,0</b>	<b>13999</b>	<b>100,0</b>

$$\chi^2 = 405,7; \quad p < 0,001$$

Tabel 5.1 toon dat meer as een vyfde van die respondente (22,3%) aan geen buitemuurse aktiwiteite wat deur die skool aangebied word, deelneem nie, terwyl meer as 'n kwart (28,1%) aan drie of meer sodanige aktiwiteite deelneem.

Indien die betrokke tabel verder ontleed word, blyk dit dat die persentasie respondente wat aan geen buitemuurse aktiwiteite deelneem nie, afneem namate die sosiale status van die gesin styg, naamlik vanaf 25,2 tot 13,9 persent.

Soos op grond hiervan verwag kan word, neem die persentasie respondente wat aan drie of meer buitemuurse aktiwiteite deelneem, toe namate die sosiale status van die gesin styg, te wete vanaf 24,1 tot 41,2 persent.

Hierdie bevinding word gestaaf deur die ondersoek van Hollingshead. Gedurende 1941-42 het hy 'n ondersoek uitgevoer in 'n gemeenskap in die VSA waar aan hy die naam Elmtown gegee het. Ten opsigte van die deelname van leerlinge in die gemeenskap aan buitemuurse aktiwiteite verklaar hy soos volg: "The percentage of participation or non-participation is associated very strongly with class position ... Adolescents from the higher classes are in far more activities than those from the lower classes ..." (20, bl. 201).

Aansluitend by hierdie bevinding van Hollingshead verklaar Brookover die volgende: "The limited evidence available indicates that musical activities, dramatics, debating and school publications are generally dominated by the higher status youth at the secondary school level" (7, bl. 100).

Ook die studie wat Coleman in die VSA uitgevoer het, verleen steun aan die bevindings van die huidige ondersoek. Na ontleding van die ingesamelde gegewens verklaar Coleman dan ook soos volg: "Upper-middle class parents more often encouraged their sons to join young people's groups and to take part in extracurricular activities at school ... Sons in the upper-middle class were members of many more young people's groups than were lower-lower class sons" (48, bl. 67-68).

TABEL 5.2

GETAL URE PER WEEK BESTEE AAN BUITEMUURSE AKTIWITEITE DEUR DIE SKOOL AANGEBIED VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN

Getal ure per week	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie Geen (neem nie deel nie)	36	0,4	5	0,3	10	0,4	50	0,4
4 uur of minder	2601	27,4	419	21,8	350	13,6	3370	24,1
5 - 9 uur	3675	38,7	736	38,3	1057	40,8	5468	39,1
10 uur of meer	2069	21,8	495	25,8	785	30,3	3349	23,9
TOTAAL	1109	11,7	265	13,8	387	14,9	1762	12,5
TOTAAL	9490	100,0	1920	100,0	2589	100,0	13999	100,0

$$\chi^2 = 255,1 ; p < 0,001$$

Tabel 5.2 bring aan die lig dat 24,1 persent van die respondente geen tyd bestee aan buitemuurse aktiwiteite wat deur die skool aangebied word nie, terwyl 36,4 persent vyf of meer uur per week aan sodanige aktiwiteite bestee.

Volgens die betrokke tabel blyk dat hoe hoër die sosiale status van die gesin van herkoms hoe meer tyd word aan buitemuurse aktiwiteite bestee.

Die bevinding wat uit tabel 5.1 geblyk het, word dus hierdeur bevestig.

### 5.3 ONTVANGS VAN NASKOOLSE LESSE

TABEL 5.3

ONTVANGS VAN NASKOOLSE LESSE VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN

Ontvangs van na- uurse lesse	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie	30	0,3	11	0,6	9	0,3	50	0,4
Ja	1238	13,0	290	15,1	502	19,4	2030	14,5
Nee	8222	86,7	1619	84,3	2078	80,3	11919	85,1
TOTAAL	9490	100,0	1920	100,0	2589	100,0	13999	100,0

$$\chi^2 = 66,9 ; p < 0,001$$

Blykens tabel 5.3 ontvang slegs 14,5 persent van die ondersoekgroep naskoolse lesse, dit wil sê lesse wat nie deur die skool aangebied word nie. Die persentasie leerlinge wat wel naskoolse lesse ontvang, neem toe met stygende sosiale status, naamlik vanaf 13,0 persent tot 19,4 persent. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met die verwagting want vir die meeste naskoolse lesse moet deur die ouers betaal word, en gesinne met 'n hoër sosiale status beskik waarskynlik in 'n groter mate oor die nodige finansiële middele as gesinne met 'n lae sosiale status.

#### 5.4 BEOEFENING VAN STOKPERDJIES

Die mate waarin die onderskeie statuskategorieë van seuns stokperdjies beoefen, word vervolgens in tabelle 5.4 tot 5.11 weergegee.

TABEL 5.4

GETAL STOKPERDJIES WAT BEOEFEN WORD VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN

Getal stokperdjies	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie	29	0,3	5	0,3	6	0,2	40	0,3
Geen stokperdjie	1084	11,4	167	8,8	160	6,2	1411	10,1
Een	2564	27,0	497	25,9	540	20,9	3601	25,7
Twee	2816	29,7	573	29,8	821	31,7	4210	30,1
Drie	1595	16,8	339	17,6	543	21,0	2477	17,7
Vier of meer	1402	14,8	339	17,6	519	20,0	2260	16,1
TOTAAL	9490	100,0	1920	100,0	2589	100,0	13999	100,0

$$\chi^2 = 150,6 : p < 0,001$$

Uit tabel 5.4 blyk dat 10,1 persent van die ondersoekgroep geen stokperdjie beoefen nie, 'n kwart (25,7%) beoefen een stokperdjie terwyl 'n verdere derde (33,8%) drie of meer stokperdjies beoefen.

'n Verdere ontleding van die tabel bring aan die lig dat hoe hoër die status van die gesin, hoe meer soorte stokperdjies word beoefen.

TABEL 5.5

BEOEFENING VAN VERSAMELENDE STOKPERDJIES VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN

Beoefening van versamelende stokperdjies	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie	19	0,2	3	0,2	3	0,1	25	0,2
Ja	6123	64,5	1339	69,7	1885	72,8	9347	66,8
Nee	3348	35,3	578	30,1	701	27,1	4627	33,0
TOTAAL	9490	100,0	1920	100,0	2589	100,0	13999	100,0

$$\chi^2 = 70,9; p < 0,001$$

Tabel 5.5 toon dat twee derdes van die respondente (66,8%) versamelende stokperdjies beoefen, asook dat die persentasie respondente wat sodanige stokperdjies beoefen, toeneem namate die sosiale status van die gesin waaruit hul-

le afkomstig is, styg.

Hierdie bevinding stem ooreen met dié van Jung. Gedurende 1961 het hy 'n ondersoek in Kalifornië uitgevoer waarby leerlinge behorende tot drie kulture, te wete Blankes, Negers en Oosterlinge betrek is. Vir vergelykingsdoeleindes sal egter slegs die gegewens wat betrekking het op die Blankes, gebruik word. Die 241 Blankes het bestaan uit 125 seuns en 116 meisies. Elkeen van hierdie twee geslagsgroepe is weer onderverdeel in twee sosiale klasse, te wete mid- en laer klas.

Na ontleding van die data kom die ondersoeker dan tot die volgende slotsom: "Middle-class children tended to exceed lower-class children in collections of various types" (59, bl. 292).

TABEL 5.6

BOU VAN MODELLE AS STOKPERDJIE VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN

Bou van modelle	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie	14	0,1	2	0,1	2	0,1	18	0,1
Ja	5348	56,3	1168	60,8	1802	69,6	8318	59,4
Nee	4128	43,6	750	39,1	785	30,3	5663	40,5
TOTAAL	9490	100,0	1920	100,0	2589	100,0	13999	100,0

$$\chi^2 = 149,2 ; p < 0,001$$

Uit tabel 5.6 blyk dat meer as die helfte van die ondersoekgroep (59,4%) modelle in hul vrye tyd bou en verder dat hoe hoër die sosiale status van die gesin van herkoms hoe meer word dié besondere stokperdjie beoefen. 'n Moontlike rede vir hierdie tendens mag wees dat meer respondente uit die hoër as uit die lae statuskategorie oor die finansiële middele beskik om modelle te koop.

TABEL 5.7

WERK MET GEREEDSKAP AS STOKPERDJIE VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN

Werk met gereedskap	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie	17	0,2	1		1		19	0,1
Ja	8462	89,2	1662	86,6	2155	83,3	12279	87,7
Nee	1011	10,6	257	13,4	433	16,7	1701	12,2
TOTAAL	9490	100,0	1920	100,0	2589	100,0	13999	100,0

$$\chi^2 = 72,9 ; p < 0,001$$

Sewe-en-tagtig komma sewe persent van die ondersoekgroep het bevestigend geantwoord op die vraag of hulle graag in hul vrye tyd met gereedskap werk (tabel 5.7). 'n Verdere ontleding van die tabel toon 'n tendens wat die teenoorgestelde is van dié wat tot dusver aangetref is, want die persentasie respondente wat dié stokperdjie beoefen, neem af met stygende sosiale status, naamlik vanaf 89,2 tot 83,3 persent. Die rede hiervoor is waarskynlik dat die vaders van diegene uit die laer statuskategorie meer met gereedskap werk

as die vaders van respondente uit die hoë statuskategorie en die seuns is dan geneig om die voorbeeld van die vader te volg.

TABEL 5.8

TUINMAAK AS STOKPERDJIE VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN

Tuinmaak	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie	17	0,2	1		2	0,1	20	0,2
Ja	5769	60,8	1125	58,6	1335	52,3	8249	58,9
Nee	3704	39,0	794	41,4	1232	47,6	5730	40,9
TOTAAL	9490	100,0	1920	100,0	2589	100,0	13999	100,0

$$X^2 = 61,1 ; p < 0,001$$

Meer as die helfte van die ondersoekgroep (58,9%), beoefen volgens tabel 5.8, tuinmaak as stokperdjie. Indien die tabel verder ontleed word, blyk dat namate die sosiale status van die gesin styg, die persentasie respondente wat tuinmaak as stokperdjie beoefen, afneem, te wete vanaf 60,8 persent by die lae statuskategorie tot 52,3 persent by die hoë statuskategorie. Dieselfde tendens wat ten opsigte van tabel 5.7 aangetref is, kom dus ook by tabel 5.8 voor. 'n Moontlike rede hiervoor mag wees dat gesinne uit die lae statuskategorie dit minder kan bekostig om die dienste van 'n tuinjong te verkry as gesinne uit die hoë statuskategorie en gevolglik van die kinders verwag om met die tuinwerk behulpsaam te wees.

TABEL 5.9

AANHOU VAN TROETELDIERE AS STOKPERDJIE VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN

Aanhou van troeteldiere	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie	15	0,1	2	0,1	2	0,1	19	0,1
Ja	7993	84,3	1616	84,2	2179	84,1	11788	84,2
Nee	1482	15,6	302	15,7	408	15,8	2192	15,7
TOTAAL	9490	100,0	1920	100,0	2589	100,0	13999	100,0

$$X^2 = 0,03 ; 0,99 > p > 0,98$$

Vier-en-tagtig komma twee persent van die respondente het verklaar dat hulle troeteldiere as stokperdjie aanhou (tabel 5.9). Blykens die afwesigheid van 'n duidelike tendens wil dit voorkom asof daar geen noemenswaardige verband bestaan tussen die status van die gesinne waaruit die seuns afkomstig is en die beoefening van dié besondere stokperdjie nie. Die verkreeë chi-kwadratwaarde toon ook dat die verband nie statisties beduidend is nie.

TABEL 5.10

BEOEFENING VAN FOTOGRAFIE AS STOKPERDJIE VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN

Beoefening van foto=grafie	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie	21	0,2	6	0,3			27	0,2
Ja	1216	12,8	298	15,5	565	21,8	2079	14,8
Nee	8253	87,0	1616	84,2	2024	78,2	11893	85,0
TOTAAL	9490	100,0	1920	100,0	2589	100,0	13999	100,0

$$\chi^2 = 130,3 ; p < 0,001$$

Volgens tabel 5.10 beoefen 14,8 persent van die ondergroep fotografie as stokperdjie. Die tabel toon verder dat hoe hoër die sosiale status van die gesin van herkoms, hoe meer word dié besondere stokperdjie beoefen. Die rede hiervoor mag wees dat respondente uit die hoë statuskategorie in 'n groter mate as respondente uit die lae statuskategorie oor die middele beskik om fotografie te beoefen.

TABEL 5.11

BEOEFENING VAN KORRESPONDENSIE AS STOKPERDJIE VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN

Beoefening van korres=pondensie	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie	25	0,3	2	0,1	5	0,2	32	0,2
Ja	2268	23,9	437	22,8	615	23,8	3320	23,7
Nee	7197	75,8	1481	77,1	1969	76,0	10647	76,1
TOTAAL	9490	100,0	1920	100,0	2589	100,0	13999	100,0

$$\chi^2 = 1,2 ; 0,70 > p > 0,50$$

Ten opsigte van die beoefening van korrespondensie as stokperdjie toon tabel 5.11 dat byna 'n kwart van die ondergroep (23,7%) wel sodanige stokperdjie beoefen, maar blykens die afwesigheid van 'n duidelike tendens wil dit voorkom asof daar geen noemenswaardige verband bestaan tussen die status van die gesinne waaruit die seuns afkomstig is en die beoefening van dié besondere stokperdjie nie. Die berekende chi-kwadraatwaarde toon ook dat die verband nie statisties beduidend is nie.

#### 5.5 VRYETYDSAKTIWITEIT WAARVAN RESPONDENT DIE MEESTE HOU

Volgens tabel 5.12 hou die grootste enkele persentasie respondente (32,3%) die meeste daarvan om in hul vrye tyd aan sport deel te neem, terwyl 'n byna ewe groot persentasie (30,6%) die meeste daarvan hou om 'n stokperdjie te beoefen. Dertien komma een persent van die respondente verkies om in hul vrye tyd boeke te lees, en die oorblywende vier vryetydsaktiwiteite word elk deur minder as 'n tiende van die respondente verkies.

TABEL 5.12

VRYETYDSAKTIWITEIT WAARVAN RESPONDENT DIE MEESTE HOU VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN

Vryetydsaktiwiteit	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie	19	0,2	3	0,1	4	0,1	26	0,2
Deelname aan sport	2976	31,4	630	32,8	922	35,6	4528	32,3
Platespeel/radioluister	719	7,6	123	6,4	97	3,7	939	6,7
Bespeling van musiekinstrument	704	7,4	102	5,3	147	5,7	953	6,8
Bioskoopbesoek	623	6,6	96	5,0	145	5,6	864	6,2
Lees van boeke	1248	13,1	260	13,5	326	12,6	1834	13,1
Kuier by vriende	413	4,3	69	4,6	92	3,6	574	4,1
Beoefening van stokperdjie	2788	29,4	637	32,3	856	33,1	4281	30,6
TOTAAL	9490	100,0	1920	100,0	2589	100,0	13999	100,0

$$\chi^2 = 100,1 ; p < 0,001$$

Indien die betrokke tabel verder ontleed word, blyk dit dat die persentasie respondente wat verkies om in hul vryetyd aan sport deel te neem, toeneem met stygende sosiale status, terwyl dieselfde tendens aangetref word by diegene wat daarvan hou om in hul vrye tyd n stokperdjie te beoefen. Die rede hiervoor is waarskynlik dat die ouers van respondente uit die hoë statuskategorie in n groter mate as die ouers van respondente uit die lae statuskategorie in hul vrye tyd aan sport deelneem en stokperdjies beoefen en dat die kinders die voorbeeld van die ouers navolg.

## 5.6 SOORT LEESSTOF WAT VERKIES WORD

TABEL 5.13

SOORT LEESSTOF WAT VERKIES WORD VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN

Soort leesstof	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie	10	0,1			2	0,1	12	0,1
Nie van toepassing - hou nie van lees nie	788	8,3	109	5,7	138	5,3	1035	7,4
Biblioteekboeke	5068	53,4	1126	58,6	1550	59,9	7744	55,3
Tydskrifte	1124	11,8	208	10,8	309	11,9	1641	11,7
Strokiesverhale	1108	11,7	197	10,3	223	8,6	1528	10,9
Koerante	1392	14,7	280	14,6	367	14,2	2039	14,6
TOTAAL	9490	100,0	1920	100,0	2589	100,0	13999	100,0

$$\chi^2 = 73,2 ; p < 0,001$$

Die respondente is ook gevra om aan te dui watter soort leesstof hulle verkies (tabel 5.13). Verreweg die grootste enkele persentasie respondente (55,3%) verkies biblioteekboeke, terwyl koerante, strokiesverhale en tydskrifte deur relatief klein persentasies respondente verkies word.

'n Verdere ontleding van die tabel bring aan die lig dat die gewildheid van biblioteekboeke toeneem namate die sosiale status van die gesin van her-koms styg. 'n Rede hiervoor mag wees dat kinders uit die lae statuskategorie meer betrokke is by huiswerk in die gesin en gevolglik minder tyd tot hulle beskikking het om aan die lees van biblioteekboeke te bestee as seuns uit die hoë statuskategorie. Dit is egter ook waarskynlik dat seuns uit die hoë statuskategorie meer deur hul ouers aangemoedig word om biblioteekboeke te lees as seuns uit die lae statuskategorie.

Aansluitend hierby is die bevinding van Hollingshead ten opsigte van jeugdiges in Elmtown besonder insiggewend en stawend. Met behulp van die lenerskaarte by die openbare biblioteek in Elmtown kon vasgestel word hoeveel boeke elke seun oor 'n tydperk van ses maande geleen het. Na verwerking van die betrokke inligting kom hy dan tot die volgende gevolgtrekking: "To borrow or not to borrow is associated significantly with class position among the boys ... The percentage figures of non-borrowers among the boys are: class II, 43; class III, 45; class IV, 65; and class V, 88" (20, bl. 308).

(Duidelikheidshalwe moet dit gestel word dat klas II die hoogste sosiale klas in Elmtown was, terwyl klas V die laagste sosiale klas was.)

Hierdie tendens word ook bevestig deur die reeds aangehaalde studie van Jung. Tydens sy ondersoek het hy die respondente gevra om vir 'n tydperk van 'n week volledig aantekeninge te maak met betrekking tot hul vryetydsaktiwiteite.

Uit die responsies blyk dit duidelik dat die twee sosiale klasse van mekaar verskil ten opsigte van die lees van boeke, want terwyl 39,4 persent van die seuns uit die middelklas verklaar het dat hulle gedurende die betrokke week wel boeke gelees het, was die ooreenstemmende persentasie ten opsigte van seuns uit die laer klas aansienlik kleiner, te wete slegs 17,2 persent (59, bl. 290).

Hoewel in hierdie hoofstuk slegs na enkele relevante ondersoeke verwys is, moet die indruk nie geskep word dat navorsing met betrekking tot die vryetydsaktiwiteite van jeugdiges selde of nooit onderneem word nie. Inteendeel, gedurende die afgelope dekade is verskeie sodanige ondersoeke onderneem, onder andere deur Wippler (35), Heinemeyer (18), Crichton, James en Wakeford (49, bl. 203-220), Zideman (87, bl. 240-264), Bell (41, bl. 248-251) en Landman (62). Die bevindings van hierdie ondersoeke kon egter ongelukkig nie in die huidige studie gebruik word nie, òf omdat die vryetydsaktiwiteite wat in die betrokke ondersoeke onder die soeklig geneem is, nie ooreenstem met dié in die huidige ondersoek nie, òf omdat, waar daar wel ooreenstemming is, die vryetydsaktiwiteite nie volgens sosiale status ontleed word nie.

HOOFSTUK 6

SEKERE HOUDINGS VAN DIE ONDERSOEGGROEP

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die aandag bepaal by die houding van die onder=soekgroep ten opsigte van sekere aangeleenthede, te wete geleerdheid, skool=gaan, huiswerk, dissipline en sport, en word gepoog om vas te stel of daar 'n verband bestaan tussen die status van die seuns se gesinne van herkoms en die seuns se houdings.

6.2 HOUDING TEENoor GELEERDHEID

TABEL 6.1

HOUDING TEENoor GELEERDHEID VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN

Houding	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie	22	0,2	3	0,2	3	0,1	28	0,2
Dit stel in staat om beste van lewe te maak	8380	88,3	1765	91,9	2417	93,4	12562	89,7
Dit het nie veel waar=de nie	101	1,1	13	0,7	13	0,5	127	0,9
Weet nie	987	10,4	139	7,2	156	6,0	1282	9,2
TOTAAL	9490	100,0	1920	100,0	2589	100,0	13999	100,0

$\chi^2 = 66,8 ; p < 0,001$

Volgens tabel 6.1 is nege tiendes van die onder=soekgroep (89,7%) van me=ning dat geleerdheid 'n persoon in staat stel om die beste van die lewe te maak. Die persentasie respondente wat hierdie mening toegedaan is, neem toe namate die sosiale status van die gesin van herkoms styg, naamlik vanaf 88,3 persent by die lae statuskategorie tot 93,4 persent by die hoë statuskategorie.

Hierdie differensiële beklemtoning van die waarde van geleerdheid blyk ook uit 'n ondersoek wat in 1947 deur die National Opinion Research Center in die VSA uitgevoer is. Die onder=soekgroep (2 500 volwassenes en 500 jeugdige) is met behulp van vier onafhanklike indekse van sosiale status in kategorieë ingedeel. Hierdie indekse was: beroep, onderwyspeil, maandelikse huurgeld wat betaal word en die onder=soeker se beoordeling van die ekonomiese peil.

Daar is aan die respondente gevra hoeveel opleiding jongmans na hul mening nodig het om vooruit te gaan in die wêreld. Dit blyk dat afgesien van welke indeks van sosiale status gebruik word, die laer statuskategorieë deurgaans minder klem lê op universitêre opleiding as die hoër statuskategorieë. So by=voorbeeld beveel (met beroep as indeks) slegs 35 persent van die laagste status=kategorie universitêre opleiding aan teenoor 74 persent van die hoogste status=kategorie (2, bl. 490).

Hoewel die twee onder=soekgroepe nie vergelykbaar is nie, blyk dit dus tog dat die tendens wat by jeugdige aangetref word, ook by volwassenes voorkom.

Hierdie differensiële beklemtoning van die waarde van geleerdheid sal ook duidelik blyk uit die volgende hoofstuk (afdeling 7.2) waar aan die hand van

sowel die huidige ondersoek as ander relevante studies aangetoon sal word dat die onderwysaspirasies van die hoë statuskategorie aansienlik verskil van dié van die lae statuskategorie.

### 6.3 HOUDING TEENoor SKoolGAAN

TABEL 6.2  
HOUDING TEENoor SKoolGAAN VOLGENS DIE SosIALE STATUS VAN DIE GESIN

Houding	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie	21	0,2	6	0,3	6	0,2	33	0,2
Hou baie van skoolgaan	3357	35,4	694	36,1	956	36,9	5007	35,8
Hou nie te veel van skoolgaan nie	5473	57,7	1121	58,4	1495	57,8	8089	57,8
Hou niks van skoolgaan	639	6,7	99	5,2	132	5,1	870	6,2
TOTAAL	9490	100,0	1920	100,0	2589	100,0	13999	100,0

$$\chi^2 = 14,2; 0,01 > p > 0,001$$

Tabel 6.2 bring aan die lig dat meer as die helfte van die onderoekgroep (57,8%) nie te veel van skoolgaan hou nie, terwyl een derde (35,8%) baie van skoolgaan hou. Slegs 6,2 persent hou niks van skoolgaan nie.

Indien die betrokke tabel verder ontleed word, blyk dit dat namate die sosiale status van die gesin van herkoms styg, die persentasie respondente neem wat baie van skoolgaan hou.

### 6.4 HOUDING TEENoor HUISWERK

TABEL 6.3  
HOUDING TEENoor HUISWERK VOLGENS DIE SosIALE STATUS VAN DIE GESIN

Houding	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie	25	0,3	4	0,2	4	0,1	33	0,2
Huiswerk is baie belangrik	7224	76,1	1496	77,9	2065	79,8	10785	77,0
Doen huiswerk anders word ek gestraf	1910	20,1	348	18,1	438	16,9	2696	19,3
Huiswerk het nie veel waarde	331	3,5	72	3,8	82	3,2	485	3,5
TOTAAL	9490	100,0	1920	100,0	2589	100,0	13999	100,0

$$\chi^2 = 17,4; 0,01 > p > 0,001$$

Meer as driekwart van die onderoekgroep (77,0%) is van mening dat huiswerk baie belangrik is, terwyl n verdere vyfde (19,3%) verklaar het dat hulle huiswerk doen anders word hulle gestraf (tabel 6.3).

n Verdere ontleding van die tabel bring aan die lig dat die persentasie respondente wat huiswerk as baie belangrik beskou, toeneem met stygende sosiale status, terwyl die teenoorgestelde tendens aangetref word by diegene wat huiswerk doen uit vrees dat hulle gestraf sal word.

Hierdie bevindings stem ooreen met dié van Jung. Uit sy ondersoek het geblyk dat terwyl 39,3 persent van die middelklasse seuns gedurende die betrokke week drie of meer dae aan huiswerk bestee het, die ooreenstemmende persentasie ten opsigte van laer klas seuns heelwat kleiner was, naamlik 29,7 persent (59, bl. 291).

Aansluitend hierby verklaar Coleman op grond van sy ondersoek: "Upper-middle class sons more often had school homework to do and devoted more time per week to their studies than did lower-lower class sons" (48, bl. 68).

## 6.5 HOUDING TEENOOR DISSIPLINE IN DIE SKOOL

TABEL 6.4  
HOUDING TEENOOR DISSIPLINE IN DIE SKOOL VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN

Houding	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie	11	0,1	1	0,1	2	0,1	14	0,1
Elke kind moet skoolreëls gehoorsaam:								
Ja	8939	94,2	1832	95,4	2389	92,2	13160	94,0
Nie noodwendig nie	477	5,0	75	3,9	191	7,4	743	5,3
Nee	63	0,7	12	0,6	7	0,3	82	0,6
TOTAAL	9490	100,0	1920	100,0	2589	100,0	13999	100,0

$$\chi^2 = 35,8 ; p < 0,001$$

Vier-en-negentig persent van die ondersoekgroep is van mening dat elke kind skoolreëls beslis moet gehoorsaam, terwyl 5,3 persent meen dat dit nie noodwendig gehoorsaam hoef te word nie (tabel 6.4).

Meer respondente afkomstig uit die lae statuskategorie (94,2%) as uit die hoë statuskategorie (92,2%) meen dat elke kind skoolreëls beslis moet gehoorsaam, terwyl die persentasie respondente uit die hoë statuskategorie wat meen dat skoolreëls nie noodwendig gehoorsaam hoef te word nie, ietwat groter is as die ooreenstemmende persentasie respondente uit die lae statuskategorie, naamlik 7,4 teenoor 5,0 persent.

## 6.6 HOUDING TEENOOR SPORT

Volgens tabel 6.5 hou driekwart van die ondersoekgroep (74,7%) baie van sport, terwyl een vyfde (19,8%) nie seker is of hulle van sport hou nie. Slegs 5,2 persent hou niks van sport nie.

Dit blyk verder uit die betrokke tabel dat die gewildheid van sport toeneem met stygende sosiale status. Die tendens wat uit tabel 5.12 geblyk het - dat die persentasie respondente wat verkies om in hul vrye tyd aan sport deel te neem, toeneem met stygende sosiale status - word dus deur hierdie bevinding bevestig.

TABEL 6.5

HOUDING TEENoor SPORT VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN

Houding	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie	30	0,3	5	0,3	7	0,3	42	0,3
Hou baie van sport	6973	73,5	1451	75,6	2036	78,6	10460	74,7
Is nie seker of ek van sport hou	1929	20,3	366	19,0	473	18,3	2768	19,8
Hou niks van sport	558	5,9	98	5,1	73	2,8	729	5,2
TOTAAL	9490	100,0	1920	100,0	2589	100,0	13999	100,0

$$\chi^2 = 144,7; \quad p < 0,001$$

HOOFSTUK 7  
SEKERE ASPIRASIES VAN DIE ONDERSOEGGROEP

7.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk handel oor twee aspirasies van die ondersoekgroep, te wete (1) hoe ver die respondente wil studeer en (2) die beroep wat hulle een-dag wil beoefen. Daar sal ook nagegaan word of daar 'n verband bestaan tussen die status van die seuns se gesinne van herkoms en hierdie aspirasies van die seuns.

7.2 ONDERWYSASPIRASIES VAN DIE RESPONDENTE

TABEL 7.1  
HOE VER RESPONDENTE WIL STUDEER VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN

Hoe ver respondente wil studeer	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie	70	0,7	10	0,5	7	0,3	87	0,6
Gee nie juis om nie hoe ver ek leer	206	2,2	35	1,8	33	1,3	274	2,0
Tot 16 jaar oud sodat ek die skool kan verlaat	351	3,8	41	2,1	28	1,1	420	3,0
Tot st. 7	145	1,5	12	0,6	11	0,4	168	1,2
Tot st. 8	1926	20,3	221	11,5	154	5,9	2301	16,4
Tot st. 9	88	0,9	12	0,6	7	0,3	107	0,8
Tot st. 10	3225	34,0	536	27,9	461	17,8	4222	30,2
Verder as st. 10 (uitgesonderd universiteit)	1104	11,6	235	12,2	332	12,8	1671	11,9
Totdat universiteitsgraad behaal is	2375	25,0	818	42,8	1556	60,1	4749	33,9
TOTAAL	9490	100,0	1920	100,0	2589	100,0	13999	100,0

$$\chi^2 = 1352,2; \quad p < 0,001$$

Volgens tabel 7.1 wil die grootste enkele persentasie respondente (33,9%) studeer totdat hulle 'n universiteitsgraad behaal het, gevolg deur eerstens diegene wat tot standerd 10 wil leer (30,2%) en tweedens dié groep wat tot sover as standerd 8 wil leer (16,4%).

'n Verdere ontleding van die betrokke tabel bring aan die lig dat die persentasie respondente wat aspireer om te studeer totdat hulle 'n universiteitsgraad behaal het, toeneem met stygende sosiale status, naamlik vanaf 24,0 persent by die lae statuskategorie tot 60,0 persent by die hoë statuskategorie.

Hierdie bevinding stem ooreen met wat verskeie vorige ondersoeke aan die lig gebring het.

Gedurende 1957 het Sewell 'n studie in Wisconsin uitgevoer. Sy ondersoekgroep het bestaan uit 10 321 hoërskoolleerlinge (5 004 seuns en 5 317 meisies).

Die studie het aan die lig gebring dat daar 'n besliste verband bestaan tussen die onderwysaspirasies van die seuns en die sosio-ekonomiese status van die gesinne van herkoms, want terwyl slegs 16,7 persent van die seuns afkomstig

uit gesinne met 'n lae sosio-ekonomiese status verklaar het dat hulle van plan is om hul opleiding aan 'n universiteit voort te sit, was die ooreenstemmende persentasie ten opsigte van seuns uit gesinne met 'n gemiddelde sosio-ekonomiese status heelwat groter, naamlik 33,3 persent en dié ten opsigte van seuns uit gesinne met 'n hoë sosio-ekonomiese status nog groter, te wete 59,9 persent (70, bl. 28).

Die ondersoek wat Banducci in Iowa onderneem het, het ook insiggewende resultate opgelewer. Sy ondersoekgroep het bestaan uit 3 014 hoërskoolleerlinge (1 520 seuns en 1 494 meisies). Sowel die seuns as die meisies is in twee subgroepe onderverdeel, naamlik diegene wie se moeders ekonomies bedrywig was, en dié wie se moeders nie ekonomies bedrywig was nie. Die sosio-ekonomiese status van die gesinne is bepaal met behulp van die beroep van die vader.

Ontledings van die ingesamelde gegewens het aan die lig gebring dat afgesien daarvan of die moeder ekonomies bedrywig is al dan nie, die persentasie seuns wat aspireer om minstens vier jaar aan 'n universiteit te studeer, toeneem namate die sosio-ekonomiese status van die gesinne van herkoms styg (39, bl. 266).

Derdens kan verwys word na die ondersoek wat Pavalko en Bishop gedurende 1965 in Ontario, Kanada onderneem het. Hul ondersoekgroep het bestaan uit 889 hoërskoolleerlinge - 485 seuns en 404 meisies.

Ontleding van die ingesamelde gegewens het aan die lig gebring dat daar 'n verskil bestaan in die onderwysaspirasies van seuns wat uit gesinne van verskillende sosiale status afkomstig is. Terwyl 43,6 persent van die seuns uit gesinne met 'n laer sosio-ekonomiese status verklaar het dat hulle van plan is om hul opleiding aan 'n universiteit voort te sit, was die ooreenstemmende persentasie ten opsigte van seuns uit gesinne met 'n hoë sosio-ekonomiese status heelwat groter, te wete 58,8 persent (65, bl. 294).

Ander ondersoekers te wete Sewell, Haller en Straus (72, bl. 71), Bordua (42, bl. 265), Rosen (68, bl. 209) Gribbons en Lohnes (52, bl. 69), Slocum (76, bl. 273), Sewell en Armer (71, bl. 164), Krauss (61, bl. 867-868), Sewell en Shah (75, bl. 8-9) en Bayer (40, bl. 241) het ook tot die bevinding geraak dat daar 'n positiewe verband bestaan tussen die status van seuns se gesinne van herkoms en die onderwysaspirasie van die seuns.

### 7.3 BEROEPSASPIRASIES VAN DIE RESPONDENTE

Die respondente is ook gevra om die beroep wat hulle eendag graag sal wil beoefen, aan te dui (tabel 7.2).

Ten einde vergelykings te vergemaklik, is besluit om die beroepe hiërargies te rangskik soos wat die geval by tabel 4.5 is.

Die grootste enkele persentasie respondente (37,4%) het verklaar dat hulle eendag 'n professionele, semi-professionele of tegniese beroep sal wil beoefen, gevolg deur eerstens diegene wat aspireer ten opsigte van 'n ambag, operateurswerk of ongeskoolde werk, (25,3%), en tweedens dié respondente wat 'n vervoer- of kommunikasieberoep wil beoefen (20,5%).

Indien die betrokke tabel verder ontleed word, blyk dat die persentasie respondente wat aspireer om 'n beroep met 'n hoë status byvoorbeeld 'n professionele beroep (kyk tabel 4.5) te beoefen, toeneem namate die sosiale status van die gesin van herkoms styg.

TABEL 7.2

BEROEP WAT RESPONDENT EENDAG WIL BEOEFEN VOLGENS DIE SOSIALE STATUS VAN DIE GESIN

Beroep	Sosiale status							
	Laag		Gemiddeld		Hoog		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen responsie	5	0,1			1		6	
Het nog nie besluit	258	2,7	51	2,7	93	3,6	402	2,9
Vervoer- en kommunikasieberoep	2099	22,1	376	19,6	396	15,3	2871	20,5
Diens-, sport- en ontspanningsberoep	14	0,2	3	0,1	1		18	0,1
Boer, tuinier, bosbouer en visser	871	9,2	120	6,2	196	7,6	1187	8,5
Ambag, operateurswerk, ongeskoolde werk	2844	30,0	384	20,0	307	11,8	3535	25,3
Verkoopswerk	50	0,5	27	1,4	12	0,5	89	0,6
Klerklike werk	362	3,8	93	4,8	56	2,2	511	3,6
Administratiewe, uitvoerende en besturende beroep	69	0,7	20	1,1	59	2,3	148	1,1
Professionele, semi-professionele en tegniese beroep	2918	30,7	846	44,1	1468	56,7	5232	37,4
TOTAAL	9490	100,0	1920	100,0	2589	100,0	13999	100,0

$$\chi^2 = 835,1; \quad p < 0,001$$

Die teenoorgestelde tendens word aangetref by die aspirasie ten opsigte van 'n beroep met 'n lae status, byvoorbeeld vervoer- en kommunikasieberoep (kyk weer eens tabel 4.5).

Hierdie bevindings is in ooreenstemming met dié van vorige ondersoekers.

Eerstens kan verwys word na 'n ondersoek wat Caro en Pihlblad in Missouri uitgevoer het en waarby 'n groep hoërskoolseuns betrek is. Ten opsigte van hul bevindings verklaar die ondersoekers as volg: "The current findings are consistent with previous studies in showing that those from the upper social strata tended to aspire to higher level occupations than did those from lower social class levels"(44, bl. 468).

Vervolgens kan die ondersoek wat Sewell en Oronstein gedurende 1957 in Wisconsin uitgevoer het, ook aangehaal word. Hulle het gegewens ten opsigte van 9 986 hoërskoolleerlinge (4 687 seuns en 5 299 meisies) ingewin. Ontleding van die ingesamelde data het aan die lig gebring dat die beroepsaspirasies van seuns afkomstig uit gesinne van verskillende sosiale status aanmerklik verskil: terwyl 23,9 persent van die seuns uit gesinne met 'n lae sosio-ekonomiese status 'n hoër status beroep as keuse aangedui het, was die ooreenstemmende persentasie ten opsigte van seuns uit gesinne met 'n gemiddelde sosio-ekonomiese status heelwat groter, te wete 41,9 persent en dié ten opsigte van seuns uit gesinne met 'n hoër sosio-ekonomiese status nog groter, naamlik 64,3 persent (73, bl. 551-557).

Derdens kan verwys word na die ondersoek wat Caro in Minnesota onderneem het. Sy ondersoekgroep het bestaan uit 144 hoërskoolseuns waarvan 73 uit die middelklas en 71 uit die werkersklas afkomstig was.

Na ontleding van die ingesamelde data kom die skrywer dan tot die volgende gevolgtrekking: " Working-class students are relatively indifferent or flexible about what happens to them occupationally. While they would prefer a high prestige occupation, they would be relatively content with a medium prestige occupation. To middle-class students, in contrast, occupational outcome makes a great deal of difference. Middle-class students strongly prefer high to medium prestige occupations. In their preferences they are relatively inflexible; they would not readily settle for medium prestige occupations" (43, bl. 495).

Ander ondersoekers te wete Empey (51, bl. 706), Sewell, Haller en Straus (72, bl. 72) en Antonovsky (38, bl. 388), het ook bevind dat daar 'n positiewe verband bestaan tussen die status van gesinne waaruit seuns afkomstig is en die beroepsaspirasies van die seuns.

## HOOFSTUK 8

### SLOT

#### 8.1 INLEIDING

In die slothoofstuk sal die houdbaarheid van die gestelde hipotese eers getoets word, daarna sal 'n moontlike verklaring vir die bevindinge aangebied word en ten slotte sal verdere beoogde navorsing kortliks aangestip asook 'n samevatting gegee word.

#### 8.2 HOUDBAARHEID VAN DIE HIPOTESE

Daar bestaan 'n positiewe verband tussen die status van Afrikaanssprekende standaard ses-seuns se gesinne van herkoms en:

- (a) deelname van die seuns aan sekere vryetydsaktiwiteite,
- (b) sekere houdings van die seuns, en
- (c) sekere aspirasies van die seuns.

Aangesien elf chi-kwadraatberekeninge toon dat daar 'n statisties beduidende verband bestaan tussen die status van die seuns se gesinne van herkoms en die deelname van die seuns aan sekere vryetydsaktiwiteite, en slegs twee dat daar nie 'n statisties beduidende verband bestaan nie, word die (a)-gedeelte van die hipotese deur die data gesteun.

Volgens al vyf chi-kwadraatberekeninge bestaan daar 'n statisties beduidende verband tussen die status van die gesinne waaruit die seuns afkomstig is en sekere houdings van die seuns. Die (b)-gedeelte van die hipotese word dus gevolglik ook deur die data gesteun.

Aangesien beide chi-kwadraatberekeninge toon dat daar 'n statisties beduidende verband bestaan tussen die status van die seuns se gesinne van herkoms en aspirasies van die seuns, word die (c)-gedeelte van die hipotese ook deur die data gesteun.

In al die gevalle is die verband positief, dit wil sê hoe hoër die sosiale status van die seuns is, hoe groter is hul deelname aan vryetydsaktiwiteite, hoe beter is hul houdings en hoe hoër is hul aspirasies.

#### 8.3 'N MOONTLIKE VERKLARING VIR DIE BEVINDINGS

In hierdie stadium kan die vraag met reg gestel word waarom statuskategorieë van Afrikaanssprekende seuns verskil wat betref hul deelname aan vryetydsaktiwiteite, ten opsigte van hul houdings asook wat betref hul aspirasies. Daar moet egter in gedagte gehou word dat soos uit die vorige hoofstukke geblyk het, die tendense wat ten opsigte van die onderzoeksgroep aangetoon is, ook ten opsigte van sekere ander groepe geld, byvoorbeeld Engelssprekende seuns in die VSA en in Kanada.

Aangesien in die huidige ondersoek geen addisionele inligting ingesamel is wat lig op die vraag kan werp nie, word van resultate van ondersoeke wat oorsee uitgevoer is, gebruik gemaak ten einde dié tendense te probeer verklaar.

Ten opsigte van die deelname aan vryetydsaktiwiteite kan eerstens verwys word na die reeds genoemde studie wat Reissman in Evanston, Illinois uitgevoer het (kyk hoofstuk 2, par. 2.7.1). Hy het vasgestel hoe dikwels die ondersoeksgroep (121 volwasse Blanke manlikes) in hul vrye tyd aktiwiteite beoefen soos byvoorbeeld die lees van boeke, die lees van tydskrifte, die beoefening van stokperdjies en die deelname aan vrywillige organisasies. Daarna het hy die

ondersoekgroep met behulp van drie afsonderlike indekse van sosiale klas (te wete beroep, inkomste en onderwyspeil) in twee sosiale klasse ingedeel en op grond van die daaropvolgende ontledings verklaar hy dan: "... it was found that regardless of the variable used to measure class position - occupation, income or education - the higher class shows a higher degree of participation and involvement in the community. That is, individuals in this class read more books and magazines, attend church more frequently, belong to more organizations and more often hold office in those organisations. The present study thereby lends further support to previous studies on that relationship" (67, bl. 83).

Vervolgens kan die studie wat Clarke in die VSA uitgevoer het, aangehaal word. Hy het vasgestel hoe dikwels die respondente (574 stedelike volwasse mans) deelneem aan spesifieke vryetydsaktiwiteite soos byvoorbeeld die bywoning van konserte, die bywoning van sportbyeenkomste, die beoefening van sport en die deelname aan gemeenskapsdienste.

Hierna het hy die ondersoekgroep met behulp van die beroepsprestigeskaal van die National Opinion Research Center wat reeds bespreek is, in vyf prestige-kategorieë ingedeel en op grond van die daaropvolgende ontledings verklaar hy dan die volgende: "... significant differences were found to exist between occupational prestige and leisure use. Most of the relationships were linear or near-linear in nature, that is, individuals with higher scores were more likely to participate frequently in some types of leisure pursuits and infrequently in others" (45, bl. 303).

Indien by hierdie ondersoek beroep as indeks van sosiale status gebruik word, blyk dat volwasse mans van verskillende sosiale status van mekaar verskil ten opsigte van deelname aan vryetydsaktiwiteite.

Die ondersoek wat die Centraal Bureau voor de Statistiek gedurende 1955/56 in Nederland uitgevoer het, het ook insiggewende resultate opgelewer.

Met behulp van drie faktore, naamlik beroep, inkomste en onderwyspeil, is volwassenes tussen die ouderdomme 24-59 jaar in sosiale milieus ingedeel. Na ontleding van die ingesamelde data kom die ondersoekers dan tot die volgende gevolgtrekking: "Tussen die sosiale milieus bestaan aanzienlijke verskille in recreatiepatroon ... Hoe 'hoger' het sociaal milieu is, hoe groter het percentage deelnemers aan diverse kultuur - uitingen soos bioscoop, lezen, musiseren, enz ... Hoe 'hoger' het sociaal milieu, hoe hoger de frequentie van deelname aan het verenigingsleven en het besoek aan musiek-, toneel- en cabaretuitvoeringen en hoe lager de frequentie van deelname aan radiobeluistering, televisie-kijken en sportwedstryden" (11, bl. 45).

Ander ondersoekers, te wete Sessoms (69, bl. 114) en Coleman (48, bl. 68) het tot soortgelyke gevolgtrekkings geraak.

Hierdie ondersoeke waarna verwys is, toon dus baie duidelik dat volwassenes van verskillende sosiale status verskil ten opsigte van deelname aan vryetydsaktiwiteite.

As die bevindings van die huidige ondersoek in gedagte gehou word, blyk dus verder dat die tendens wat ten opsigte van seuns aangetoon is, ook ten opsigte van volwassenes geld.

Wat betref houdings kan verwys word na die ondersoek wat in 1947 deur die National Research Center uitgevoer is en wat reeds in hoofstuk 6 beskryf is.

Die ondersoek het aan die lig gebring dat volwassenes uit die laer statuskategorie deurgaans minder klem lê op universitêre opleiding as volwassenes uit die hoër statuskategorie (2, bl. 490).

Hierdie differensiële beklemtoning van die waarde van geleerdheid deur volwassenes sal ook duidelik blyk uit die afdeling wat vervolgens bespreek sal word, waar aan die hand van resente ondersoeke aangetoon sal word dat ouers van verskillende sosiale status aansienlik van mekaar verskil wat betref die mate van aanmoediging wat hulle aan hul kinders gee om hul opleiding na skoolverlating aan 'n universiteit voort te sit.

Uit die bevindings van die huidige ondersoek blyk dus dat die differensiële beklemtoning van die waarde van geleerdheid by sowel seuns afkomstig uit gesinne van verskillende sosiale status as by volwassenes van verskillende sosiale status aangetref word.

Ten opsigte van aspirasies kan die studie van Rehberg en Westby eerstens aangehaal word. Gedurende 1963 het hulle 2 852 manlike leerlinge by 'n ondersoek betrek. Een van die vrae wat aan die respondente gestel was, was daarop gemik om vas te stel in hoe 'n mate die leerlinge deur hul ouers aangemoedig word om hul studies voort te sit nadat hulle die hoërskool verlaat het. Indien die leerling verklaar het dat sy vader en sy moeder hom konstant of dikwels aanmoedig om sy opleiding voort te sit, is dit as 'n hoë mate van aanmoediging beskou.

Met behulp van Hollingshead se "Two Factor Index of Social Position" is die respondente in vyf statuskategorieë ingedeel. Die daaropvolgende ontledings het aan die lig gebring dat die respondente in die onderskeie statuskategorieë nie dieselfde mate van ouerlike aanmoediging ontvang het nie, want terwyl 75 persent van die respondente in die hoogste statuskategorie verklaar het dat hulle 'n hoë mate van ouerlike aanmoediging ontvang, was die ooreenstemmende persentasie ten opsigte van die laagste statuskategorie aansienlik kleiner, te wete slegs 42 persent (66, bl. 362-374).

Tweedens kan na die studie wat Sewell en Shah in Wisconsin uitgevoer het en wat reeds in die vorige hoofstuk aangehaal is, verwys word.

Tydens die ondersoek is die respondente gevra na die mate waarin hulle deur hul ouers aangemoedig word om 'n universiteit by te woon. Indien 'n respondent verklaar het dat sy ouers verlang dat hy 'n universiteit moet bywoon, is dit as 'n hoë mate van aanmoediging beskou.

Die ontledings wat vervolgens gedoen is, het die bevindinge van Rehberg en Westby bevestig: terwyl 85,6 persent van die respondente in die hoogste statuskategorie verklaar het dat hulle 'n hoë mate van ouerlike aanmoediging ontvang, was die ooreenstemmende persentasie ten opsigte van die laagste statuskategorie veel kleiner, naamlik slegs 31,8 persent (74, bl. 559-572).

Laastens kan verwys word na die ondersoek wat Kandel en Lesser gedurende 1965 in die VSA uitgevoer het en waarby 'n groep van 2327 skoliere betrek is. Tydens die ondersoek is die ouers van die respondente onder andere gevra na die onderwysaspirasies wat hulle vir die respondente koester asook na die mate waarin hulle die respondente aanmoedig om hul opleiding voort te sit.

Na ontleding van die responsies het die ondersoekers tot die volgende gevolgtrekking geraak: "Parents of different social classes vary not only in the educational goals they have for their children, but also in the encouragement they give their children to continue their education, with middle-class mothers providing more encouragement than lower-class mother ... Thus, the social-class differences in adolescents' educational plans can be explained mostly by the fact that parents have different levels of aspiration and provide differential encouragement to pursue education. These parental attitudes and plans, in turn, are associated with social-class position"(60, bl. 220).

As die bevindings van die huidige ondersoek in gedagte gehou word, blyk dus dat seuns afkomstig uit gesinne in die hoër statuskategorie nie alleen 'n hoër aspirasiepeil ten opsigte van verdere studie het as seuns uit gesinne in die lae statuskategorie nie, maar dat hulle ook in 'n veel groter mate deur hul ouers aangemoedig word om verder te studeer, met ander woorde, hul ouers koester na alle waarskynlikheid veel hoër aspirasies vir hulle as die ouers van die respondente uit die lae statuskategorie.

Op grond daarvan dat - soos die bespreking tot dusver getoon het - dieselfde tendense wat by volwassenes van verskillende sosiale status aangetref word, ook by kinders uit gesinne van verskillende sosiale status voorkom, en as in gedagte gehou word dat die ondersoekgroep spesiaal geselekteer is sodat al die respondente 'n gelyke kans op sosialisering deur die ouers het, wil dit voorkom asof die verskille in die deelname aan vryetydsaktiwiteite, in die houdings asook in die aspirasies van die verskillende statuskategorieë moontlik verklaar kan word in terme van sosialisering deur die gesin van herkoms.

Om hierdie standpunt te verduidelik, is dit nodig om die begrip sosialisering eers te omskryf.

Sosialisering kan vanuit twee oogpunte beskou word.

Gesien vanuit die oogpunt van die samelewing is sosialisering volgens Johnson die prosés waardeur kultuur oorgedra word (22, bl. 110).

Fichter sluit hom by hierdie siening aan en verklaar as volg: "... socialization is that process by which the society transmits its culture from one generation to the next and adapts the individual to the accepted and approved ways of organised social life. Thus the function of socialization is to develop the skills and disciplines which are needed by the individual, to instil the aspirations and values and the 'design for living' which the particular society possesses, and especially to teach the social roles which individuals must enact in society" (16, bl. 22).

Ten opsigte van die begrip kultuur bied Cuber die volgende omskrywing: "Culture is the continually changing patterns of learned behaviour and the products of learned behaviour (including attitudes, values, knowledge and material objects) which are shared by and transmitted among the members of society (14, bl. 80).

Westby-Gibson sluit by hierdie omskrywing aan wanneer sy verklaar: "Culture, in its simplest terms, refers to the way of life that is shared by a given society. ... Culture represents learned behaviour in contrast to behaviour that is biologically determined; culture, to cite an oft-used definition, is man's social heritage. Culture includes all that man has made, whether it be material, as in the case of tools, shelter or clothing, or nonmaterial, as

in the case of language, ideas, and beliefs" (34, bl. 10).

Uit hierdie twee definisies is dit duidelik dat vryetydsaktiwiteite, houdings en aspirasies dus ook deel van kultuur uitmaak.

Gesien vanuit die oogpunt van die individu is sosialisering die proses waardeur die mens tot 'n sosiaal-aangepaste persoonlikheid ontwikkel (13, bl. 167).

Hierdie persoonlikheidsontwikkeling geskied deur die aanleer en opname van die betrokke samelewing se lewenswyse in die ontwikkelende persoonlikheid van die individu, met ander woorde die individu neem daardie lewenswyse in en maak dit deel van homself - hy internaliseer dus die besondere lewenswyse. Parsons en Bales som hierdie gedagte bondig op wanneer hulle sê: "... the central focus of the process of socialization lies in the internalization of the culture of the society into which the child is born" (26, bl. 17).

Brim en Wheeler is dieselfde mening toegedaan (6, bl. 3-4).

Broom en Selznick bied die volgende omskrywing: "From the point of view of the individual, socialization is the fulfilment of his potentialities for personal growth and development. Socialization humanizes the biological organism and transforms it into a self having a sense of identity, capable of disciplining and ordering behaviour, and endowed with ideals, values and ambitions. Socialization regulates behaviour, but it is also the indispensable condition for individuality and self-awareness" (8, bl. 93).

By die individu neem die sosialiseringproses reeds 'n aanvang wanneer hy/sy nog 'n jong kind is, en gevolglik is die gesin van herkoms kronologies die eerste sosialiseringagens. Omdat die primêre gesteldhede egter reeds gedurende die eerste paar lewensjare in die ontwikkelende persoonlikheid vasgelê word, is die gesin van herkoms dus nie alleen die eerste sosialiseringagens nie maar inderdaad ook die belangrikste. In die woorde van Mays: "We may summarize ... by saying that the family is the primary socializing institution in our society"(25, bl. 130).

Sowel Johnson (22, bl. 58) as Westby-Gibson (34, bl. 139-340) stem heelhartig hiermee saam.

Hierdie stelling dat die gesin van herkoms die belangrikste sosialiseringagens is, is empiries bewys deur 'n ondersoek wat Hartshorne en May onderneem het. Hulle het 'n relatief hoë korrelasie (0,55) gevind tussen die morele oordele van kinders en dié van hul ouers, vergeleke met 0,03 tussen kind en onderwyser en 0,002 tussen kind en Sondagskoolonderwyser (64, bl. 313).

Aansluitend by hierdie ondersoek het die studie van Troll, Neugarten en Kraines ook insiggewende resultate opgelewer. Hulle het 100 studente ondervra en daarna hul ouers, en nadat die ingesamelde data verwerk is, het hulle tot die volgende gevolgtrekking geraak: "This study has shown fairly substantial evidence for resemblance between family members in the domain of values, a finding of particular interest because the children are already young adults who have presumably been influenced by many persons outside the family. ... Individuals from the same family tend to be more like each other than like unrelated people. ... The salient values of this group of college students whether they are activists or not, tend to be the salient values of their parents" (81, bl. 333).

Uit hierdie bespreking is dit dus duidelik dat die oordraging van kultuur in enige samelewing primêr geskied deur middel van die gesin van herkoms en

deur hierdie stelling word steun verleen aan die afleiding wat reeds gemaak is, naamlik dat die verskille in die vryetydsaktiwiteite, houdings en aspirasies (met ander woorde die kultuur) van die verskillende statuskategorieë verklaar kan word in terme van sosialisering deur die gesin van herkoms.

#### 8.4 VERDERE BEOOGDE NAVORSING

Uit die huidige ondersoek het geblyk dat die deelname aan vryetydsaktiwiteite, houdinge en aspirasies van Afrikaanssprekende standaard ses-seuns positief beïnvloed word deur die status van die gesinne waaruit hulle afkomstig is. Met verdere navorsing sal gepoog word om vas te stel of hierdie bevinding ook ten opsigte van ander leerlinge geld, byvoorbeeld vir Engelssprekende standaard ses-seuns en dogters en vir Afrikaanssprekende standaard ses-dogters. Verder word beoog om deur gebruikmaking van gegewens wat ingewin is tydens die 1967 Talentopnametoetsprogram vir standaard agt-leerlinge en die 1969 Talentopnametoetsprogram vir standaard tien-leerlinge, te bepaal of die tendense wat uit die huidige ondersoek geblyk het, ook geldig is vir groepe leerlinge in standerds 8 en 10. Hierna sal dit moontlik wees om gevolgtrekkings te maak ten opsigte van hoërskoolleerlinge in die algemeen.

#### 8.5 SAMEVATTING

Die doel met hierdie ondersoek was om aan die hand van gegewens ingewin met projek Talentopname, te bepaal watter verband daar tussen die sosiale status van Afrikaanssprekende standaard ses-seuns se gesinne en sekere van die seuns se vryetydsaktiwiteite, houdinge en aspirasies bestaan.

Vir hierdie doel is nagegaan wat onder sosiale status verstaan word en besluit dat die beroep van vader van 'n gesin vir navorsingsdoeleindes die mees praktiese aanduiding van die sosiale status van daardie gesin is. Daar is vervolgens 'n Suid-Afrikaanse indeks van sosiale status vir elke beroepsgroep bereken. Hierdie indeks is gebaseer op die gemiddelde onderwyspeil en gemiddelde inkomste van elke beroepsgroep volgens gegewens wat uit die 1960-sensus verkry is. Op grond van hierdie indekse is die beroepsgroepe in 3 groter beroepsgroepe saamgevoeg wat as 3 sosiale statuskategorieë, te wete 'n "hoë" statusgroep, 'n "gemiddelde" statusgroep en "lae" statusgroep, beskou is. Volgens die gemiddelde statusindeks van hierdie 3 kategorieë kan hierdie indeling vir praktiese navorsingsdoeleindes as 'n skaal van beroepstatus (of sosiale status, of sosio-ekonomiese status) gebruik word. Vir 'n verskeidenheid van navorsingsprojekte wat in verband met Talentopname beoog word, sal hierdie "skaal" nuttig aangewend word.

Vir die doel van hierdie ondersoek is alleen Afrikaanssprekende standaard ses-seuns van wie beide ouers nog leef en wat gedurende skoolkwartale by hul ouers in 'n huis woon, ingesluit. Uit die universum van 69 908 st. 6-leerlinge van 1965 in Suid-Afrika, was 13 999 sodanige seuns. Hulle is in die drie sosiale statusgroepe verdeel, naamlik 2589 of 18,5 persent in die hoë statusgroepe, 1920 of 13,7 persent in die gemiddelde statusgroep en 9490 of 67,8 persent in die lae statusgroep. Hierdie 3 groepe is met mekaar vergelyk ten opsigte van deelname aan sekere vryetydsaktiwiteite, sekere houdinge en sekere aspirasies.

Die bevinding van hierdie ondersoek is dat daar 'n positiewe verband bestaan tussen sosiale status (of sosio-ekonomiese agtergrond) van leerlinge se gesinne en hul vryetydsbesteding, hul houdinge en hul aspirasies. Meer spesifiek gestel, is die bevinding dat Afrikaanssprekende standaard ses-seuns uit gesinne met 'n "hoë" sosiale status in vergelyking met seuns uit gesinne met 'n "lae" sosiale status -

- (i) aan meer buitemuurse aktiwiteite wat deur die skool aangebied word, deelneem en meer tyd daaraan bestee,
- (ii) meer naskoolse lesse (bv. musiek, ballet) ontvang,
- (iii) 'n groter getal stokperdjies beoefen, veral die versamelende tipe, bou van modelle, werk met gereedskap en fotografie,
- (iv) meer biblioteekboeke lees,
- (v) 'n meer positiewe houding teenoor geleerdheid, skoolgaan, huiswerk en sport openbaar maar ietwat meer krities teenoor skoolreëls staan,
- (vi) na 'n aansienlik hoër onderwyspeil en beroep aspireer.

Hierdie bevindings stem grotendeels ooreen met bevindings van ander navorsers en word verklaar deur die feit dat die sosialisering van 'n kind primêr deur middel van die gesin geskied.

VERWYSINGS

BOEKE

- 1 BARBER, B. Social stratification: A Comparative analysis of structure and process. New York, Harcourt, 1957.
- 2 BENDIX, R. and LIPSET, S.M. eds. Class, status and power: Social stratification in comparative perspective. 2nd ed., London, Routledge, 1966.
- 3 BERELSON, B. and STEINER, G.A. Human behaviour: An Inventory of scientific findings. New York, Harcourt, Brace and World, 1964.
- 4 BERGEL, E.E. Social stratification. New York, McGraw-Hill, 1962.
- 5 BLOOM, S.W. The Doctor and his patient. New York, Russell Sage Foundation, 1963.
- 6 BRIM, O.G. Jr. and WHEELER, S. Socialization after childhood: Two essays. New York, John Wiley, 1966.
- 7 BROOKOVER, W.B. A Sociology of education. New York, American Book Company, 1955.
- 8 BROOM, L. and SELZNICK, P. Sociology: A Text with adapted readings. 3rd ed., New York, Harper and Row, 1963.
- 9 CAPLOW, T. The Sociology of work. Minneapolis, University of Minnesota Press, 1954.
- 10 CENTERS, R. The Psychology of social classes: A Study of class consciousness. New York, Russel and Russel, 1949.
- 11 CENTRAAL BUREAU VOOR DE STATISTIEK. Vrije-tijdsbesteding in Nederland Winter 1955/56: Deel 8, Sociaal-milieu en vrije-tijdsbesteding. Zeist, Uitgewersmaatschappij W. de Haan, 1959.
- 12 CHINOY, E. Society: An Introduction to sociology. New York, Random, 1964.
- 13 CILLIERS, S.P. en JOUBERT, D.D. Sosiologie: 'n Sistematiese inleiding. Stellenbosch, Kosmo-Uitgewery, 1966.
- 14 CUBER, J.F. Sociology: A Synopsis of principles. 5th ed., London, Vision Press, 1964.
- 15 DAVIS, K. Human society. New York, Macmillan, 1949.
- 16 FICHTER, J.H. Sociology. Chicago, University of Chicago Press, 1957.
- 17 GOODE, W.J. Women in divorce. New York, Free Press, 1965.
- 18 HEINEMEYER, W.F. Buurt, jeugd en vrije tijd. Amsterdam, Gemeentelijk Bureau voor de Jeugdzorg, 1964.
- 19 HODGES, H.M. Jr. Social stratification: Class in America. Cambridge, Massachusetts, Schenkman, 1964.
- 20 HOLLINGSHEAD, A.B. Elmtown's youth: The Impact of social classes on adolescents. New York, John Wiley and Sons, 1949.
- 21 HYMAN, H. Survey design and analysis, principles, cases and procedures. Glencoe, Ill., Free Press, 1955.
- 22 JOHNSON, H.M. Sociology: A Systematic introduction. London, Routledge and Kegan Paul, 1961.
- 23 KARLIN, J. Man's behaviour: An Introduction to social science. New York, Macmillan, 1967.
- 24 MAYER, K.B. Class and society. rev. ed. New York, Random, 1955.
- 25 MAYS, J.B. Crime and the social structure. London, Faber and Faber, 1963.
- 26 PARSONS, T. and BALES, R.F. Family, socialization and interaction process. Glencoe, Ill., Free Press, 1955.
- 27 REISS, A.J. Jr. Occupations and social status. New York, Free Press, 1961.
- 28 REISSMAN, L. Class in American society. Glencoe, Ill., Free Press, 1959.

- 29 SIEGEL, S. Nonparametric statistics for the behavioral sciences. New York, McGraw-Hill, 1956.
- 30 TUMIN, M.M. Social stratification: The Forms and functions of inequality. Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice-Hall, 1967.
- 31 VERHOEF, W. en ROOS, W.L. Die Doel en eksperimentele opset van Projek Talentopname. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1970.
- 32 WARNER, W.L. and LUNT, P.S. The Social life of a modern community. New Haven, Yale University Press, 1941.
- 33 WARNER, W.L., MEEKER, M. and EELLS, K. Social class in America: A Manual of procedure for the measurement of social status. New York, Harper, 1960.
- 34 WESTBY-GIBSON, D. Social perspectives on education: The Society, the student, the school. New York, John Wiley, 1965.
- 35 WIPPLER, R. Sociale determinanten van het vrijetijdsgedrag. Assen, van Gorcum, 1968.
- 36 ZETTERBERG, H.L. On theory and verification in sociology. rev. ed. Bedminster, Totowa, 1963.

TYDSKRIFTE, VERHANDELINGS EN VERSLAE

- 37 ANDERSON, W.A. The Occupational attitudes of college men, The Journal of Social Psychology, 5, 1934: 435-466.
- 38 ANTONOVSKY, A. Aspirations, class and racial-ethnic membership, The Journal of Negro Education, 36, 1967: 385-393.
- 39 BANDUCCI, R. The Effect of mother's employment on the achievement, aspirations and expectations of the child, The Personnel and Guidance Journal, 46, 1967: 263-267.
- 40 BAYER, A.E. Marriage plans and educational aspirations, The American Journal of Sociology, 75, 1969-70: 239-244.
- 41 BELL, J.W. A Comparison of dropouts and non-dropouts on participation in school activities, The Journal of Educational Research, 60, 1966-67: 248-251.
- 42 BORDUA, D.J. Educational aspirations and parental stress on college, Social Forces, 38, 1959-60: 262-69.
- 43 CARO, F.G. Social class and attitudes of youth relevant for the realization of adult goals, Social Forces, 44, 1965-66: 492-498.
- 44 CARO, F.G. and PIHLBLAD, C.T. Aspirations and expectations: A Re-examination of the bases for social class differences in the occupational orientations of male high school students, Sociology and Social Research, 49, 1965: 465-475.
- 45 CLARKE, A.C. The Use of leisure and its relation to levels of occupational prestige, American Sociological Review, 21, 1956: 301-307.
- 46 CLOSE, M.E. Die Meting van maatskaplike status en statuskongruensie: 'n Skaal gebaseer op sensusgegewens. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1968.
- 47 COFFIN, T.E. Television's impact on society, American Psychologist, 10, 1955: 630-641.
- 48 COLEMAN, A.B. Why the differences in achievement between children in different social classes? Peabody Journal of Education, 46, 1968-69: 66-70.
- 49 CRICHTON, A., JAMES, E. and WAKEFORD, J. Youth and leisure in Cardiff, Sociological Review, 10, 1962: 203-220.
- 50 DAVIE, J.S. Social class factors and school attendance, Harvard Educational Review, 23, 1953: 175-185.

- 51 EMPEY, Lamar T. Social class and occupational aspiration: A Comparison of absolute and relative measurement, American Sociological Review, 21, 1956: 703-709.
- 52 GRIBBONS, W.D. and LOHNES, P.R. A Five-year study of students' educational aspirations, The Vocational Guidance Quarterly, 15, 1966-67: 66-70.
- 53 HATT, P.K. Occupation and social stratification, The American Journal of Sociology, 55, 1949-50: 533-543.
- 54 HODGE, R.W., SIEGEL, P.M. and ROSSI, P.H. Occupational prestige in the United States, 1925-63, The American Journal of Sociology, 70, 1964-65: 286-302.
- 55 HOLLINGSHEAD, A.B. Cultural factors in the selection of marriage mates, American Sociological Review, 15, 1950: 619-627.
- 56 HOLLINGSHEAD, A.B. and REDLICH, F.C. Social stratification and psychiatric disorders, American Sociological Review, 18, 1953: 163-169.
- 57 INKELES, A. and ROSSI, P.H. National comparisons of occupational prestige, The American Journal of Sociology, 61, 1955-56: 329-339.
- 58 IRVING, J. Who goes to college? - A Note on the social origins of students in the higher educational institutions of the Eastern Cape, Journal for Social Research, 5, 1954: 73-80.
- 59 JUNG, R. Leisure in three cultures, The Elementary School Journal, 67, 1966-67: 285-295.
- 60 KANDEL, D.B. and LESSER, G.S. Parental and peer influences on educational plans of adolescents, American Sociological Review, 34, 1969: 213-223.
- 61 KRAUSS, I. Sources of educational aspirations among working-class youth, American Sociological Review, 29, 1964: 867-879.
- 62 LANDMAN, W.J.J. Vryetydsbesteding van st.8-, 9- en 10-leerlinge in Afrikaans-medium-skole in Durban. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Natal, 1964.
- 63 MULLIGAN, R.A. Socio-economic background and college enrollment, American Sociological Review, 16, 1951: 188-196.
- 64 NYE, I. and MACDOUGALL, E. Do families have subcultures?, Sociology and Social Research, 44, 1959-60: 311-316.
- 65 PAVALKO, R.M. and BISHOP, D.R. Socioeconomic status and college plans: A Study of Canadian high school students, Sociology of Education, 39, 1966: 288-298.
- 66 REHBERG, R.A. and WESTBY, D.L. Parental encouragement, occupation, education and family size: Artifacts or independent determinants of adolescent educational expectations, Social Forces, 45, 1966-67: 362-374.
- 67 REISSMAN, L. Class, leisure and social participation, American Sociological Review, 19, 1954: 76-84.
- 68 ROSEN, B.C. The Achievement syndrome: A Psychocultural dimension of social stratification, American Sociological Review, 21, 1956: 203-211.
- 69 SESSOMS, H.D. An Analysis of selected variables affecting outdoor recreation patterns, Social Forces, 42, 1963-64: 112-115.
- 70 SEWELL, W.H. Community of residence and college plans, American Sociological Review, 29, 1964: 24-38.
- 71 SEWELL, W.H. and ARMER, J.M. Neighbourhood context and college plans, American Sociological Review, 31, 1966: 159-168.
- 72 SEWELL, W.H., HALLER, A.O. and STRAUSS, M.A. Social status and educational and occupational aspiration, American Sociological Review, 22, 1957: 67-73.
- 73 SEWELL, W.H. and ORENSTEIN, A.M. Community of residence and occupational choice, The American Journal of Sociology, 70, 1964-65: 551-563.

- 74 SEWELL, W.H. and SHAH, V.P. Social class, parental encouragement and educational aspirations, The American Journal of Sociology, 73, 1967-68: 559-572.
- 75 SEWELL, W.H. and SHAH, V.P. Socioeconomic status, intelligence and the attainment of higher education, Sociology of Education, 40, 1967: 1-23.
- 76 SLOCUM, W.L. The Influence of reference group values on educational aspirations of rural high school students, Rural Sociology, 32, 1967: 269-277.
- 77 SMITH, M. An Empirical scale of the prestige status of occupations, American Sociological Review, 8, 1943: 185-192.
- 78 SUID-AFRIKA (Republiek). Buro vir Statistiek. Bevolkingsensus 6 September 1960. Pretoria, Staatsdrukker, 1967, boekdeel 4.
- 79 SUID-AFRIKA (Republiek). Buro vir Statistiek. Bevolkingsensus 6 September 1960. Pretoria, Staatsdrukker, 1967, boekdeel 5.
- 80 SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing. Nuusbrief. Pretoria, Nommer 1, Julie 1965.
- 81 TROLL, L.E. NEUGARTEN, B.L. and KRAINES, R.J. Similarities in values and other personality characteristics in college students and their parents, Merrill-Palmer Quarterly, 15, 1969: 323-336.
- 82 UNIVERSITY OF NATAL, Institute for Social Research. Annual report, 1965.
- 83 U.S. BUREAU OF THE CENSUS. Methodology and scores of socioeconomic status, Working Paper No. 15. Washington, D.C., 1963.
- 84 VAN DER MERWE, H.W. Social stratification in a Cape Coloured community. Unpublished M.A. dissertation, University of Stellenbosch, 1957.
- 85 VAN ZYL, W.J. Maatskaplike statusdifferensiasie by Afrikaanssprekende Blankes. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1964.
- 86 WRIGHT, C.F. and HYMAN, H.H. Voluntary association memberships of American adults: Evidence from national sample surveys, American Sociological Review, 23, 1958: 284-294.
- 87 ZIDERMAN, A. Leisure activities of Jewish teenagers in London, The Jewish Journal of Sociology, 8, 1966: 240-264.



## ANDER RGN-PUBLIKASIES

### INLIGTING

Humanitas/n Semesterpublikasie van die RGN/R1,50

Nuusbrief/Maandelikse publikasie met die jongste inligting oor navorsing deur die RGN/  
Gratis

Jaarverslag/Verskyn jaarliks/R0,55

IN-1/Fourie, E.C./Register van huidige navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika  
1968/1969/R2,75

IN-2/Geggus, C./Toekennings beskikbaar vir voorgraadse studie aan Suid-Afrikaanse  
universiteite I (UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, US, UNISA en ALGEMEEN)/1969/R1,10

IN-4/Waardebepalings van Suid-Afrikaanse en buitelandse opvoedkundige kwalifikasies/  
1970/R0,55

IN-7/Sauer, G. en Geggus, C./Gids van navorsingsorganisasies in die geesteswetenskappe  
in Suid-Afrika/1970/R1,15

IN-8/Sauer, G. en Stimie, C.M./Algemene inligting/1970/Gratis

IN-10/Fourie, E.C./Register van navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika 1969/  
1970/R3,25

IN-12/Geggus, C. en Stimie, C.M./Opleiding na standerd tien uitgesonderd universiteits-  
opleiding/1971/R0,90

IN-13/Stimie, C.M./Education in South Africa/1970/R0,50/(slegs Engels)

### KOMMUNIKASIE

KOMM-1/Erasmus, P.F./Die radio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die  
situasie in Suid-Afrika/1970/R1,35

KOMM-2/Erasmus, P.F./Beeldradio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na  
die moontlike instelling van sodanige diens in Suid-Afrika/1971/R0,40

### MANNEKRAG

MM-1/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van stads- en streeksbeplanners/1969/R0,35

MM-2/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van medici/1969/R0,30

MM-3/Terblanche, S.S./Die beroepsomstandighede van 'n groep pasgegradueerdes/1969/R0,50

MM-4/Redelinghuys, H.J./'n Verkenningstudie oor die Bantoe-ondernemer in die Tswana-  
tuisland/1970/R0,90

MM-12/Ebersohn, D./Die nasionale register van natuur- en geesteswetenskaplikes soos op  
30 September 1967/Gratis

MM-13/Terblanche, S.S. en Van der Westhuizen, A.I./Die vraag na en aanbod van Kleurling-  
mannekrag, 1973/1970/R0,35

MM-14/Wolmarans, C.P./Die plek en funksie van navorsing op die gebied van Publieke  
Administrasie in die Instituut vir Mannekragnavorsing/1970/Gratis

MM-15/Meij, L.R./Die bestudering van die menslike faktore wat 'n rol speel in die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande/1970/R1,85

MM-16/Terblanche, S.S./Die verband tussen inkomsteverskille, beroep en onderwyspeil van ekonomies bedrywige Blankes in 1960/R1,00

MM-17/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van ingenieurs, 1973 en 1980/1971/R1,50

MM-18/Boshoff, F./Die rol van lone in die volkshuishouding/1971/(in druk)

MM-22/Wessels, D.M./Deeltydse werk vir getroude vroue/1971/R1,50

MT-1/Verhoef, W. en Roos, W.L./Die doel en eksperimentele opset van Projek Talentopname/1970/R0,65

MT-2/Roos, W.L./Die 1965-Talentopnametoetsprogram/1970/R0,70

MT-3/Roos, W.L./Die intellektueel-superieure leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd ses-vlak/1970/R0,50

MT-4/Strydom, A.E./Sportdeelname, skoolprestasie en aanpassing van standerd sesseuns/1970/R0,55

MT-5/Smith, F.B./Die enigste kind in die gesin: 'n Vergelykende studie/1970/R0,50

#### SOSIOLOGIE

S-1/Van der Merwe, C.F./Die Afrikaanse landelike en stedelike gesin: 'n Vergelykende ondersoek/1969/R0,90

S-2/Kellerman, A.P.R., Botha, A.J.J. en De Vos, H. van N./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Oos- en Noord-Kaapland: Statistiese gegewens/1969/R1,40

S-3/Kellerman, A.P.R./Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Verwoerddam/1969/R1,30

S-4/Grové, D./Werkskuheid onder die Kleurlinge/1969/R0,90

S-5/Kellerman, A.P.R. en Van der Westhuizen, N.J./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Transvaal: Statistiese gegewens/1970/R2,80

S-6/Van der Walt, Tj./Kleurlingvroue met Bantoemans/1970/R2,40

S-7/Strijdom, H.G. en Van Tonder, J./'n Handleiding by die bepaling van die onderhoudskostes van die gesin/1970/R0,55

S-8/Kellerman, A.P.R./Kontak van Kleurlinge met Bantoes in die Kaapse Skiereiland met besondere verwysing na die werksituasie/1971/(in druk)

S-9/Mostert, W.P./Ondersoek na die gesinsbouproses by Afrikaanssprekende egpare. Fase I: Fertiliteitsbegeertes en gesinsbeplanning by die pasgetroudes/1970/R1,20

S-10/Strijdom, H.G./Blanke manlike dowes in Transvaal/1971/(in druk)

S-11/Trytsman, D.F. and Bester, C.W./Health education: A bibliography/1970/R2,40/ (slegs Engels)

#### TAAL, LETTERE EN KUNS

Nienaber, P.J./Suid-Afrikaanse Dokumentasiesentrum vir Taal en Lettere/1970/Gratis

Nienaber, P.J./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Musiek/1971/Gratis

Durvil—19380—9-71

ISBN 0 86965 016 5  
(English Edition ISBN 0 86965 017 3)